# 23. Liturgie

23.1 RAPPORT STUDIEDEPUTATE OOR HERSIENING VAN LITURGIE (Artt.85, 150, 160, 239)

A. Dr. B.J. de Klerk stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgie 1.
C. Dr. S.J. van der Walt rapporteer namens die Kommissie.
**D. RAPPORT:**
**1. Opdrag**
1.1 Die opdrag van die Studiedeputate vloei voort uit 'n Beswaarskrif van Part. Sinode Wes-Transvaal op die Sinode van 1994. Hierdie beswaar teen sekere besluite (insake die liturgie) van die Sinode van 1985 het op een grond geslaag, nl. dat van die besluite onvolledig en ongemotiveer is (vgl. p.554-559). Die Part. Sinode Wes-Transvaal het op grond van sy beswaar die Sinode van 1994 versoek om Deputate te benoem "om die besluite oor die liturgie te hersien en om duidelike beginsels uit die Skrif, Belydenis en Kerkorde aan te wys vir die liturgiese orde" (p.557).
1.2 Die Sinode van 1994 keur die volgende aanbeveling van die Kommissie vir Liturgiese sake goed:
"Aan die versoek van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal word op die volgende wyse voldoen:
Studiedeputate word aangewys
(1) om die besluite van 1985 oor die liturgie te hersien en aanvullend navorsing te doen;
(2) om duidelike beginsels, liturgiese inhoude en vorme uit die Skrif, Belydenis, Kerkorde en kerkgeskiedenis aan te wys vir die liturgiese orde; en
(3) om te bepaal watter liturgiese inhoude, vorme en ordes aan die vryheid van die kerke oorgelaat behoort te word en watter ter wille van 'n meer eenvormige erediens in die kerkverband die gesamentlike instemming van die kerke behoort te ontvang".
**Besluit:** Kennis geneem van punt 1.

**2. Die opdrag nader gedefinieer**
2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*
Die opdrag aan hierdie Studiedeputate gebruik die begrippe "liturgie", "liturgiese orde" en "erediens". Die Deputate het die volgende hieronder verstaan:
2.1.1 Liturgie
Liturgie (van die Grieks leitourgia) dui persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. In die Ou en Nuwe Testament is daar geen twyfel dat die gemeente God verheerlik en self die liturgie beoefen. Dit is die

opdrag van die Skrif aan die gemeente wat vandag in gemeenskap met die Here lewe. Selfs wanneer die geroepe voorganger ontbreek, bly die onus op die gemeente om liturgie te beoefen.
Die geroepe voorganger lei, as dienaar van God, kragtens die apostolaat in die dienste in elke gemeente (vgl. onder andere Hd 3:11; 5:19-20, 40-42; 6:2, 8; 9:15; 13:1-2; 14:22, 23; 15:22; 1 Kor 16:13-20, ens.), en voer besondere handelinge uit kragtens sy Goddelike roeping en missie. Dit behels onder andere die groetseën of die wegstuur-seën en die bediening van die sakramente. Waar hierdie geroepe dienaar ontbreek of waar handelinge nie volgens sy Goddelike roeping net deur hom verrig hoef te word nie, lei iemand anders die liturgie, omdat liturgie is wat die gemeente doen.
2.1.2 Liturgiese orde
Hierdie begrip bedoel die orde en nie die volgorde in die samekoms van die gemeente nie. Die volgorde kan 'n faset van orde wees, maar liturgiese orde is nie gelyk aan volgorde en ook nie aan formele liturgie nie. Orde sluit veral die harmonie in die handelinge van 'n spesifieke samekoms in, asook die liturgiese inhoud van die handelinge.
2.1.3 Erediens
Hierdie begrip word dikwels staties geneem, asof die "erediens" 'n program is wat begin en afgesluit word. Die dinamiese aspek van die samekoms in Gees en waarheid om te ontmoet, te gehoorsaam en met oorgawe te luister en te aanbid, kom nie altyd tot sy reg nie. Die handeling wat die gemeente as gemeente in die samekoms verrig, word in Engels met "worship" en in Duits met "Gottesdienst" weergegee. Die Deputate hou rekening met die verkeerde hantering van "erediens" as statiese begrip en wil met omskrywing daarvan eerder die dinamiese karakter aandui, asook die feit dat dit voortgaan in huise en in die binnekamer van die gelowige, as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente as volk van God.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 2.

**3. Kort agtergrond van die liturgie in sy hoofmomente: Ou Testament, Nuwe Testament en kerkgeskiedenis**

3.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

3.1.1 Die Sinode van 1985 het in 'n historiese perspektief sekere lyne van die Skrif en uit die kerkgeskiedenis getrek. Ons Rapport dui aanvullend belangrike riglyne van die Skrif en die kerkgeskiedenis aan.

3.1.2 Aanvullend by wat in 1985 oor die tempelliturgie gesê is, wys hierdie Rapport dat die tempelliturgie met sy simbole, offers, koorsange, ens 'n inspirasie vir die verbondsvolk is om die Here deurlopend in hulle huise te dien. Die skeur van die voorhangsel en Pinkster hou in dat Christus die tempelliturgie vervul en die aanbidding van God word opdrag in die Nuwe-Testamentiese kerk

onder alle volke en tale. Naas die tempelliturgie is die Ou-Testamentiese liturgie onderhou met besnydenis en Paasmaaltye in die huise. Die liturgie van die Nuwe-Testamentiese sakramente van doop en "die breek van die brood" vloei uit die Ou-Testamentiese handelinge voort. God is in Christus teenwoordig, ook in die huise en in die liefdesmaaltye van die eerste Nuwe-Testamentiese gelowiges, waar Hy aanbid en gedien word.

3.1.3 Aanvullend by die beklemtoning dat die Nuwe-Testamentiese liturgie aansluit by die sinagogale opset van liturgie, stel hierdie Rapport dat die Vroeë Kerk verskil van die sinagogale liturgie waar dit 'n eie vorm aanneem. Die gemeente kom saam en aanbid in Gees en waarheid en bly nie by Moses en die tempel en die sinagoge staan nie.

3.1.4 Die eenheid van "Woorddiens en Nagmaalsdiens" is in die 1985-besluite beklemtoon. In die periode van die kerkvaders en daarna laat juis die geloofsbelydenis die kategumene na die doop aldus na die eucharistie (danksegging) of kommunie oorgaan. Kerkwees het dus gekulmineer in die ontmoeting van die gelowiges met God en mekaar in eucharistie (danksegging) en kommunie. Dit het onder toesig van die opsieners gebeur.

3.1.5 Die Sinode van 1985 het baie min oor die Middeleeue gemeld. Enkele sake wat tog van belang is, is die volgende. Hoewel die retorika aanvanklik hoog aangeslaan is, raak die Woorddiens in onbruik en die sakramentalisme neem vanaf die sesde eeu oor. Die misoffer neem die plek van die maaltyd van die Nagmaal en die liturg tree los van die gemeente op. Die gemeente word toeskouers en deel in die kommunie sonder die beker en net onder gedaante van brood. Wat positief van die Middeleeuse liturgie is, is die poging om die teenwoordigheid van Christus te erken, al is die resultaat vervalsing van die Nagmaal. Calvyn waardeer die elemente van die Credo (geloofsbelydenis), skuldbelydenis, gebede, absolusie in die Misliturgie, maar veroordeel terselfdertyd die leerdwalings baie skerp. Selfs voor die Reformasie herleef die Woorddiens (onder invloed van die Rennaisance en Humanisme) en dit oefen invloed uit, ook op sommige van die Reformatore. Die gevolg is dat die Nagmaal net herinnering aan die lyde en sterwe van Christus as sigbare preek word.

3.1.6 Die Sinode van 1985 neem by die behandeling van die Reformatoriese liturgie alleen kennis van verskillende liturgiese volgordes en gaan nie in op motiewe, beginsels en inhoude in daardie tyd nie (Acta 1985:401-404). Hoewel liturgie 'n groot rol by die massa gelowiges in die Reformasie speel, is daar nie baie oor liturgie besin nie. In die Nederlandse Reformasie kry die preekdiens (die didaktiese motief) voorrang bo ander liturgiese handelinge. Calvyn gaan sterk uit van die teenwoordigheid van Christus in en deur die

Heilige Gees en in die geestelike kommunie. Hierdie element raak veral verlore omdat die begrip "erediens" in Nederland gedurende die 18/19de eeu ontstaan het en die dinamiese liturgie (waarin die volk wat God ontmoet, aanbid en prys), vervang word deur 'n statiese gebeurtenis (genoem erediens).

3.1.7 Daar het in die Roomse geledere, asook daarna in ander geledere, 'n liturgiese ontwaking gekom. Die liturgie het in die afgelope dekade in die brandpunt gekom, wat enersyds die gebrek aan prinsipiële besinning uitgewys het en andersyds gelei het tot liturgiese eksperimente met die doel om sogenaamd die "erediens te laat herleef".

3.1.8 Samevattend erf die kerke in Suid-Afrika by die liturgie die volgende: die aksent op gereelde samekomste met die oog op veral die preek, met 'n kwartaallikse afsonderlike Nagmaalsdiens met die klem op gedenk en glo. Die teenwoordigheid van God in Christus deur die Gees is swakker besef en ervaar, as gevolg van die didaktiese oorbeklemtoning. Dit blyk ook uit die Formuliere wat die geloofsleer suiwer weergee, maar nie in dieselfde mate daarin slaag om die gemeente te lei in wat liturgies gebeur om God in eucharistie en kommunie te ontmoet, te verheerlik en aanbid nie. Die persepsie bestaan by lidmate, sowel as by soekende buitestanders, dat die liturgie te sterk dominee- en preeksentries ervaar word. Die besef en ervaring kan maklik ontbreek dat hulle, deur en in die Heilige Gees, God en mekaar ontmoet het. Dit is die tipiese erfenis van die Humanisme wat glo dat wanneer iemand intellektueel iets leer, sy lewe verlig en verander word.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 3.

## 4. Besluite van die GKSA oor die liturgie

4.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

4.1.1 Die Dordtse Sinode 1618/19 bepaal net die liturgiese Formuliere en skryf dit in die Kerkorde voor. Oor liturgie as sodanig en liturgiese volgorde word niks geFormuleer nie. Daar was in Nederland breë liturgiese gebruike en ooreenkomste en dit het in 1652 in Suid-Afrika gekom. Ook hier is daar 'n basiese ooreenkoms tussen die hoofstroom van Gereformeerde kerkgemeenskappe.

4.1.2 Die GKSA is gebore toe die veranderde gees van die 19de eeu veral in die liturgie van die plaaslike kerke na vore gekom het. 'n Wil om vas te hou aan die liturgie soos dit by die Bybel as God se Woord aansluit, het gebots teen die kerklike dwang wat geëis het hulle moet toegee aan die nuwe gees. Daarom gee die 15 man wat op 11 Januarie 1859 uit die NH kerk tree as motief: "om de leer, tuchten en dienst der vaderen, zoals zich te Dordtrecht in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard ...zooals gewijzichd naar onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen..." te bewaar.

4.1.3 Hieruit is dit duidelik dat die diens (liturgie) enersyds as 'n norm en uitdrukking van kerklike gemeenskap sedert die Reformasie beskou is, maar andersyds toegegee word dat sekere aanpassings volgens teenswoordige omstandighede gedoen kan word. Die Gereformeerdes het nie genoeë geneem met die invoering van die *Evangeliese Gesangbundel* sedert 1814 in Kaapland nie en, omdat dit verpligtend gestel word vir die kerke, lei dit tot die ontstaan van die gemeentes in Rustenburg, Reddersburg, ens. Met die totstandkoming van die kerke in 1859 is besluit om die Liturgie van die kerke, soos dit deur die Nasionale Sinode van Dordrecht 1618/19 voorgeskrywe was, te aanvaar sonder dat die eerste Algemene Sinode van 1862 besonderhede aangedui het (Acta, art.12).
4.1.4 Dit is belangrik om vas te stel wat bedoel word met die "Liturgie deur die Sinode van Dordrecht 1618/19 vasgestel", veral omdat die Algemene Sinode van 1862 'n Openlike Verklaring daargestel het wat die sinsnede bevat: "Ook die Liturgie deur genoemde Sinode (Dordrecht 1618/19) vasgestel, aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens". Die Sinode van Dordrecht 1618/19 stel die teks van die liturgiese Formuliere vas, beperk die kerklied tot die Psalms en enkele gesange (in Datheen se beryming) en reël die feesdae sober. Die Sinode bepaal nie enige vaste liturgiese volgorde vir die samekoms van die gemeente nie. Dit ontbreek by enige besluite van die genoemde Sinode. In die Openlike Verklaring verwys die "Liturgie deur genoemde Sinode vasgestel" dus nie na 'n volgorde vir die samekomste van die gemeente nie. Dit is ook die bedoeling van die Algemene Sinode van 1862.
4.1.5 Na aanleiding van die liturgiese beweging in Europa het daar in 1907 'n Beskrywingspunt voor die Sinode gedien waarin gevra is: "De Synode spreke zich uit over de liturgische orde in onze eeredienst". Die besluit wat oor hierdie saak geneem is, lui: "Aan dit beschrijvingspunt geen gevolg te geven" (Acta, art.96).
4.1.6 Op die Algemene Sinode van 1924 is weer aandag gegee aan hierdie saak na aanleiding van 'n versoek dat die Sinode 'n Kommissie moes aanwys om die liturgiese orde na te gaan. Hierdie versoek is bewillig, en Deputate is vir hierdie doel benoem om op die volgende Sinode te rapporteer.
4.1.7 Op die Sinode van 1927 rapporteer die Deputate en die Rapport word genoem: "Oor liturgiese orde en erediens" (Acta, art.83). In die Rapport word 'n volgorde vir die môrediens en vir die middag- of aanddiens gegee, sonder om die volgorde te motiveer. Daar word verder opmerkings gemaak oor die kollekte vir die armes, afkondigings, die doop (die plek in die samekoms, die Formuliergebed en die opstaan van ouers by die beantwoording van vrae), die Nagmaal (die eenmalige lees van die Geloofsbelydenis,

Wet en *Onse Vader*, geen toesprake en die sit by die sing van die vers) en die huwelik ('n versoek dat die Sinode hom uitspreek oor die huweliksdiens).
Dit val op dat twee predikante met 'n voorstel meer as "liturgiese volgorde" wou hê. Hulle beredeneer die liturgiese inhoud en betekenis en onderskei die samekoms in versoeningsdiens, diens van die Woord en dankdiens. Hierdie voorstel, sowel as 'n voorstel om die aanbevole "volgorde" voor te skryf, is nie aanvaar nie, maar op voorstel van twee ouderlinge besluit die Sinode: "Die liturgiese orde vir die môrediens volgens die Rapport word met dank aangeneem en die uitvoering daarvan gelaat in die vryheid van elke kerkraad". Die res van die Rapport word ook aanvaar.
4.1.8 Dit is dus die eerste keer in die bestaan van die Gereformeerde Kerke sedert 1859 (dus 68 jaar) dat die kerke 'n liturgiese orde (volgorde) vasstel. Die Rapport verskyn in die Acta van 1927:80, 81 en die besluite hieroor op p.34, 35.
4.1.9 Op die Sinode van 1952 dien twee Beskrywingspunte van Part. Sinodes Suid- en Noord-Transvaal. Die Sinode besluit om "'n deputaatskap van pre-advies insake die liturgie van ons Kerk te benoem om die hele saak in oënskou te neem".
4.1.10 Die Deputate rapporteer dat hulle die volgende punte "onder hulle mandaat betrek het:
(1) Die aankweking van meer liturgiese besef by die gemeente (2) Die orde van die erediens (3) Wenke in verband met groter aktiwiteit van die gemeente tydens die erediens".
Die Sinode besluit om prof. J.P. Jooste aan te wys as Deputaat om 'n boekie te skryf vir die aankweking van meer liturgiese besef by die gemeente. Verder besluit die Sinode "om die volgorde vasgestel deur die Sinode van 1927 te handhaaf". Verder word besluit "dat die groetseën sal geskied in die Naam van die drie-enige God". Die Sinode besluit "om die Rapport van Komm. 1 (punt 1) met dank aan te neem as 'n riglyn vir meer eenvormige eredienste in ons gemeentes". Die punt gaan oor "wenke om liturgiese verrigtinge meer tot hulle reg te laat kom" (Acta 1955:395-406).
4.1.11 Die Deputate lê die klem op die liturgiese besef by die gemeente en verklaar onder meer: "Dit is beslis noodsaaklik dat die sin van die liturgie verstaan behoort te word en doelbewus aangekweek dien te word". Vir die eerste keer kom in die Sinodebesluite die uitdrukking "volgorde" na vore. Die begrip "liturgie" van 1862 het in 1927 "'n liturgiese orde", en in 1955 "volgorde" geword. Die klem in latere diskussies en besluite op Sinodes het hoofsaaklik gefokus op die liturgiese volgorde eerder as op die liturgiese sin van die bepaalde handeling. Daarmee word erken dat die liturgiese besef en besinning in die GKSA nie op peil is

nie. Liturgie (wat mense doen wanneer hulle aanbid, gaan grootliks op in die "orde" (program) vir die "erediens".
4.1.12 Op die Sinode van 1982 dien twee Beskrywingspunte van die Suidelike Part. Sinode: Die een oor die gebruik van die Wet en Geloofsbelydenis in die tweede erediens en die ander oor "liturgiese inhoud". Die Beskrywingspunt stel dat dit primêr gaan oor die liturgiese inhoud en nie die liturgiese orde nie.
Die Sinode van 1982 besluit: "1. Aan die versoek word gevolg gegee langs die volgende weg: Die Nasionale Sinode gee opnuut aandag aan die hele saak van die liturgie en wys Deputate aan om studie te maak van die liturgie, veral ten opsigte van die ryke variasie van die liturgiese materiaal in die Woord van God, en op die volgende Sinode te Rapporteer".
4.1.13 Op die Sinode van 1985 dien 'n uitgebreide Rapport waarin 'n historiese perspektief, liturgiese grondlyne, liturgiese vorme en inhoud, ander liturgiese en aanverwante sake en 'n voorgestelde liturgiese orde gegee word (Acta 1985:398-425). Die Sinode neem besluite wat sowel die inhoud van die liturgiese handeling raak, asook wat die liturgiese volgorde betref. Enkele sake word aan die vryheid van die kerke oorgelaat om oor die liturgiese volgorde te besluit.
4.1.14 Op die Sinode van 1994 dien 'n Beswaarskrif van Part. Sinode Wes-Transvaal teen sekere besluite wat die Sinode van 1985 geneem het (vgl. punt 1 van hierdie Rapport).
4.1.15 Samevattend kan genoem word dat u Deputate uit die Skrif, geskiedenis en besinning oor die motiewe vir liturgiese vorme oortuig geraak het dat die gemeente ordelik en op 'n bepaalde manier toetree, saamkom of konstitueer om God te ontmoet (Heb 10:23; NGB, artt.27-32), daarna hulle verootmoedig en skuld bely waarby ook vergewing en absolusie hoort, bid om die verligting van die Gees (epiklese) om die Woorddiens van God te hoor, en daarna die antwoord of responsoria op die ontmoeting in dankgebed, waarin God op sy Woord aangeroep word in voorbidding vir alle owerhede, smeking in alle nood, ens. Psalms het in die geskiedenis en moet vandag ook nog dien as gebede, belydenisse, lofprysings en voorbidding en kan in die plek kom van sekere geprate gebede.

**Besluit:** Kennis geneem van die hele punt 4.

**5. Uitgangspunt: 'n Dinamiese liturgie**

5.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

5.1.1 Met 'n dinamiese liturgie word bedoel 'n liturgie wat in Gees en waarheid beoefen word. Die Heilige Gees bekragtig die gemeente om dinamies God te ontmoet, te eer en te verheerlik.
5.1.2 Die noodsaak aan 'n dinamiese liturgie wanneer die gemeente saamkom, blyk uit Handelinge 2:42. Die geloof van die eerste gelowiges na die uitstorting van die Gees word sigbaar in hulle

liturgie (vgl. ook Handelinge 2, 3 en 4). Hulle kom bymekaar, doen dinge saam soos volhard in die leer wat hulle van die apostels ontvang het, in die gebed, smeking, lofprysing van God en skuldbelydenis. Hulle doop die wat gelowig geword het en praat onder mekaar van die groot dade van God. Hulle deel voedsel en goedere met mekaar en breek van huis tot huis brood. In hulle liturgiese handelinge is hulle sigbaar een met mekaar.

5.1.3 Die begrip orde in die Nuwe Testament, veral waar dit in liturgiese konteks in 1 Kor 12-14 voorkom, het 'n duidelike betekenis. In 1 Kor 14:26 word die vraag gevra: Wanneer julle dan saamkom, hoe moet dit dan wees? Die gedeelte vorm 'n ringkomposisie met 1 Kor 11:17 waar die Apostel begin om oor samekomste en onordelikhede daarin, voorskrifte te gee. Die antwoord op die vraag van 1 Kor 14:26 kom in vers 33: "Ordelik, want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede". Wanorde is wanneer mense of dinge nie meer die plek inneem wat God daaraan gegee het nie en wanneer iemand in die samekoms van die gemeente ander oorheers of uitstoot. Vrede beteken dat alles in harmonie funksioneer. Wanneer gawes tot voordeel, gelyke sorg en opbou van mekaar aangewend word (vgl. 1 Kor 12-14), dan is daar orde. Die woord "orde" kan ook met "welvoeglik" vertaal word en daar is noue verband tussen hierdie woord en die woord wat vir "onwelvoeglik" in 13:5 gebruik word. Welvoeglik beteken om mekaar in liefde in ag te neem. Hierdie begrippe kom uit die gewone menslike lewe in teenstelling met die groep mense in die gemeente van Korinte wat net op "hemelse ervaringe" konsentreer. Daarom is ordelik dit wat waarlik opbou, nl. wat normaal, behoorlik, fatsoenlik, netjies en eietyds is.

Vir die Skriftuurlike toepassing van liturgiese beginsels, die eenheid van die kerk en gesamentlike besinning oor die liturgie is dit nodig om oor sekere handelinge van die liturgie akkoord te bereik. Die maatstaf moet wees hoe die liturgie as ontmoeting en aanbidding as geheel en in sy groter onderdele die opbou van die liggaam gaan bevorder. Ordelikheid het met die goeie deelname van elke persoon in die samekoms te doen. Liturgiese beslissings moet ruimte gee vir volle deelname van lidmate aan die samekoms, anders sou die samekoms rigoristies baie ordelik skyn te verloop, maar in werklikheid kan dit, Skriftuurlik gemeet, 'n samekoms van wanorde wees. Orde is nie gelyk aan volgorde nie en die vryheid van die Gees is nie 'n oop deur vir die liturg om 'n samekoms sonder enige Skriftuurlik-bepaalde liturgiese handelinge te laat verloop nie. Die Gees bind die samekoms aan handelinge (vgl. in 1 Kor 12-14 byvoorbeeld belydenis, profesie, psalm, gebed, die praat en uitlê van tale).

5.1.4 Sinodebesluite oor die liturgie in die GKSA erken prinsipieel 'n dinamiese samekoms en ontmoeting van God met sy gemeente en, in Christus deur die Gees, 'n ontmoeting van die gemeente met Hom en met mekaar. Verder was die strewe dat die liturgie moes uitloop op ootmoedige aanbidding en verering van die gemeente gerig op die drie-enige God. Tog is daar rede om aan te neem dat die dinamiese ontmoeting en aanbidding nie deur almal beleef word nie - en dat kerkdiens en preekdiens vir baie mense vooropstaan.
5.1.5 Verder blyk uit die geskiedenis die strewe om enersyds die eenheid van die kerke in kerkverband in die liturgie te reflekteer en andersyds die unieke van die vryheid in Christus binne die plaaslike gemeente te respekteer.
5.1.6 Die eerste sewentig jaar van die geskiedenis van die GKSA het die diskussie oor die liturgie saamgetrek in handelinge soos liedere, gebede en seremonies wat in die diens gebruik is en nie op die liturgiese volgorde van handelinge nie. Dit dui op die beklemtoning van die dinamiek van die liturgie as ontmoeting en aanbidding. Weens invloede uit Nederland is die laaste sewentig jaar sterker op die volgorde van handelinge gekonsentreer en dit kon meewerk dat die liturgie meer 'n statiese karakter gekry het. Laasgenoemde blyk veral uit die beklemtoning van die Sinode van 1955 dat die behoefte bestaan aan 'n " verhewe en besielende liturgiese orde". Die Rapport voor die Sinode skryf hierdie probleem toe aan 'n gebrek aan "aktiwiteit van die gemeente" in die samekomste van die gemeente.
5.1.7 Die dinamika van die liturgie word gedien deur die eenheid wat kerke met mekaar het. Die beginsel van Handelinge 15 geld ook die liturgie en daarom moet kerke in kerkverband mekaar in die liturgiese handelinge in ag neem. Hierdie beginsel kry beslag in die GKSA, so vroeg as die Sinode van 1862, waar die Openlike Verklaring aanvaar is. Hierin verklaar die Sinode en meerdere vergaderings daarna dat die geloofsbelydenis "der Gereformeerde Kerk in Nederland zooals die door de Sijnode van Dordrecht, in de jare 1618 en 1619 is vasgesteld en uitgewerkt, (omhelst)". Direk hierna volg in die Openlike Verklaring: "Insgelijks, de Liturgie der kerk, omhelst zij als voorschrift, in de uitoefening der Heilige dienst".
Die vraag is wat by die Sinode van Dordrecht met "liturgie" bedoel is, want op die betrokke Sinode is geen liturgiese volgorde vasgestel nie. Daar is belangrike besluite oor die Psalms en die Liturgiese Formuliere geneem en dit is as bindend beskou. Die artikels in die Kerkorde wat op genoemde Sinode vasgestel is, was beginsels en het nie 'n volgorde geyk nie. Kerkregkundiges is dit eens dat die begrip "liturgie" in die Openlike Verklaring nie liturgiese volgorde beteken nie. So 'n rigiede volgorde is in botsing met die aard van die Kerkorde wat nie reglementeer nie. Die eenheid in kerkverband kom

na vore waar liturgiese beginsels en noodsaaklike handelinge in die samekoms deur al die kerke onderskryf word.

5.1.8 Calvyn gee in sy *Institusie* duidelike beginsels hieroor. Vryheid in die liturgie is geleë in die volstrekte binding aan die Woord van God. Daar mag daarom geen binding van die gewete wees waarin menslike instellings voorskriftelik is nie. Vryheid beteken nooit willekeur, totale ongebondenheid en slordigheid nie. Daar moet orde in die Bybelse sin van die Woord wees en daarin word onderskei wat uitdruklik deur die Woord van God voorgeskryf word en wat deur mense ingestel is. In hierdie verband waarsku Calvyn met krag teen 'n onnodige binding van die gewete deur 'n slaafse gelykvormigheid van die seremonies, en hy ag dit selfs ongewens om te streef na 'n enkele vorm in die volgorde van die samekoms van die gemeente en hy bepleit in die algemeen 'n aanpassing aan die omstandighede van die tyd waarin die gemeente leef en die samestelling van die bepaalde gemeente. Daarom het Calvyn in verskillende plekke verskillende liturgieë en selfs nie net een liturgie vir 'n bepaalde plek nie. Maar by elke liturgie is die handelinge teenwoordig wat duidelik in die Skrif voorgeskryf word.

5.1.9 Die lyn wat per voorstel op die Sinode van 1927 gedien het, maar wat nie aanvaar is nie, behoort in hierdie opsig 'n riglyn vir die Liturgie te wees. Dit is die lyn van Introïtus, Versoeningsdiens, Diens van die Woord en Aanbiddings/Dankdiens. Binne hierdie groot liturgiese lyne kan die handelinge na die eis van bepaalde omstandighede (verootmoediging, dank, lofprysing, voorbidding as fokuspunt van die samekoms) geplaas word. Die eie aard van die gemeente en die bepaalde tydsgewrig speel hierin ook 'n rol.

5.1.10 Die begrippe vryheid van die plaaslike kerk en vryheid van die liturg word hier in aanmerking geneem. Die uitdrukking "vryheid van die kerk" kom in liturgiese konteks in KO, art. 67 voor. Dit gaan oor die onderhouding van kerklike feesdae. Die beginsel kom ook in KO, art.62 voor by die inrigting van die Heilige Nagmaal. Die vryheid in Christus, teenoor enige vorm van wettisisme, is die grondslag vir die vryheid van die gemeente om liturgiese beslissings te kan neem. Maar dan moet die kerkraad van die betrokke gemeente binne die raamwerk van die liturgies-Skriftuurlike beginsels hom voor God vir die betrokke liturgie van elke samekoms van die gemeente verantwoord. Die vryheid van die kerkraad beteken verantwoordelike besluitneming. Die liturg se vryheid is gebonde aan die besluite wat die kerkraad oor die liturgie van 'n bepaalde samekoms neem. Die kerkraad het hierdie verantwoordelikheid as opsieners van die gemeente, die gemeente wat liturgie beoefen.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 5.1.

5.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

5.2.1 Samevattende uitgangspunte

5.2.1.1 In die lig van die voorafgaande oorsig word samevattend gestel dat die Skrif leer dat die samekoms van God met sy gemeente, en van die gemeente met God en met mekaar ‘n ontmoeting moet wees met liturgiese handelinge wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien. Daarvoor moet die gemeente ordelik veral op die Rusdag saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee (vgl. HK, So 38).

5.2.1.2 Liturgiese handelinge word begrond in die ontmoeting van God en sy gemeente in die krag van die Gees en in waarheid. ‘n Kragtige liturgie vloei voort uit die teenwoordigheid van God in die samekoms, die opregte verootmoediging voor God, die kragvolle spreek van God in die Woorddiens, die bewuste en deurleefde aanbidding van God in die antwoord van die gemeente en die wegstuur van die gemeente om God in huis, binnekamer en daaglikse lewe met oorgawe te dien. ‘n Liturgie word gerig deur die beginsel dat alles in die samekoms ordelik geskied (1Kor. 14:26-40). Met hierdie orde word bedoel vrede, harmonie, die inagneming van elkeen in liefde, die gebruikmaking van die gawes van die gemeente tot voordeel, gelyke sorg en opbou van elkeen (vgl. HK:21; Rom. 12; 1 Kor. 12-14; 1 Pt. 4).

5.2.1.3 In die lig van die voorafgaande oorsig en op grond van die 1985-liturgiese rapport (p. 399-410) bevat die liturgiese gang vir die erediens die volgende hoofmomente: Die Ontmoetingsdiens (Introïtus), die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens (Responsoria) wat in punt 6-9 hieronder verduidelik sal word.

5.2.1.4 Die eenheid van die kerke in kerkverband moet in die liturgie na vore kom. Dit moet blyk uit die gesamentlike vashou aan die Skriftuurlike beginsels van die liturgie, die handelinge wat die Skrif vir die liturgie voorskryf en die noodsaaklike liturgiese hoofmomente in die samekoms asook liturgiese handelinge waarop die kerke met mekaar ooreengekom het. Die vryheid van die plaaslike kerk lê in die beginsel dat elke kerk op ‘n bepaalde tyd en plek uitdrukking van die liggaam van Christus is. Daarom behoort die liturgie plaaslik die aard van die betrokke gemeente en die aard van die betrokke samekoms te reflekteer. Dit bring mee dat die “volgorde” van die samekoms nie noodwendig op alle plekke en tye eenders hoef te wees nie. Die vryheid en die volwassenheid in Christus, is die grondslag van die gemeente om verantwoordelike liturgiese beslissings te kan neem. Die Kerkraad van die betrokke gemeente moet egter binne die raamwerk van die liturgiese hoofmomente hom voor God vir die betrokke liturgie van die samekomste van die

gemeente verantwoord. Die vryheid van die Kerkraad beteken verantwoordelike besluitneming. Die liturg se vryheid is gebonde aan die besluite wat die Kerkraad oor die liturgie van die samekomste neem. Volgordes soos deur vorige Sinodes vasgestel, behoort as riglyne vir die samekoms van die gemeente te geld.

**Besluit:** Punt 5.2.1 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

5.3 *Saak waarvan die Sinode kennis moet neem*

5.3.1 Ter wille van duidelike nommering van die Rapport word die vier hoofmomente van die samekoms as nuwe hoofpunte (6-9) aangedui. Dit is egter organies deel van hierdie hoofpunt oor die dinamiese liturgie.

## 6. Die Ontmoetingsdiens (Introïtus)

6.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

6.1.1 Introïtus beteken intog, binnekoms, ingang. Die deel in die liturgie wat as Introïtus of Intrede bekend staan, bevat die erkenning dat God in die samekoms teenwoordig is om sy volk te ontmoet en om sy volk in staat te stel om Hom en mekaar te ontmoet, nl. die votum. Ook die onontbeerlike seën van God vir die samekoms, waarsonder die ontmoeting, die Woorddiens en aanbidding nie kan plaasvind nie. Verder sluit die Introïtus ook die saamkom van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van die Here in. Op grond van Christus se versoening (Hebreërs 10:19) kry die gemeente in Hebreërs 10:22 die opdrag: *Laat ons toetree, intree!* Die reaksie van die gemeente op die intrede van God deur lofprysing in lied en belydenis in woord en lied vorm deel van die Introïtus.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 6.1.

6.1.2 Die Ontmoetingsdiens bestaan uit die volgende vier elemente, nl.: Votum, groetseën, lofliedere en geloofsbelydenis.

**Besluit:** Goedgekeur.

6.2 *Die Votum*

6.2.1 <u>Sake waarvan die Sinode kennis kan neem</u>

6.2.1.1 Die gemeenskap van gelowiges verrig die liturgiese handeling om openlik te verklaar of te konstitueer dat die samekoms amptelik is sodat God sy gemeente kan ontmoet en verdere ontmoetings daaruit kan voortvloei. Wanneer die gemeente deur die Gees en in waarheid in afwagting is om hulle met God te versoen, sy Woord te hoor en Hom te aanbid, is die openlike verklaring van die eie-aard van die samekoms noodsaaklik.

6.2.1.2 Die Beswaarskrif aan die Sinode van 1994 teen die besluit van 1985 het geslaag op die punt van ongemotiveerde besluite. Die votum is by name genoem. Dit gaan onder andere daarom dat die votum tot twee Skrifgedeeltes beperk is, sonder om aan te dui waarom ander Skrifgedeeltes (soos die Deputate aanbeveel het) nie gebruik mag word nie.

6.2.1.3 Die Sinode van 1985 het kennis geneem van bepaalde uitgangspunte wat die votum raak (p.410, 411).

**Besluit:** Kennis geneem van punt 6.2.1.

6.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

6.2.2.1 Die funksie van die votum is dat die gemeente openlik en nederig, plegtig verklaar dat die erediens 'n saamkoms van God met sy volk, en daarom van sy volk met Hom en met mekaar is. Hierdeur bely die gemeente hulle afhanklikheid van en gerigtheid op God.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

6.2.2.2 Om die votumformule in Gees en waarheid te laat funksioneer moet die votum bestaan uit direkte aanhalings uit die Skrif wat aan bogenoemde liturgiese beginsels beantwoord (vgl. 6.2.1.1).

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

6.2.2.3 Omdat die votum die handeling van die gemeente is, kan die openlike verklaring deur die woorde van die liturg of deur die sing van die berymde lied uitgespreek word.

**Besluit:** Goedgekeur.

6.2.2.4 Voorbeelde van Skrifgedeeltes wat aan die beginsels vir ‘n votum beantwoord, is veral sekere Psalms, omdat die Psalm die aanbidding/belydenis van die volk teenoor God is.

* Ps 124:8 "Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het"
* Ps 121:1, 2: "Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het". Die berymde vers 1 van hierdie Psalm kan as votum van die gemeente gesing word.
* Ps 95:6-7b: "Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg". Die berymde vers 4 kan ook gebruik word.
* Ps 19:15 saam met Ps 124:8: "Mag wat ek sê en wat ek dink, tog vir U aanneemlik wees, Here my Rots en my Verlosser".
* Ps 43:3 saam met Ps 124:8: "Stuur u lig en u waarheid dat die my lei en my bring na u heilige berg, na u woning". Die berymde vers 3 van Psalm 43 kan ook gebruik word.
* 'n Skrifgedeelte uit die Nuwe Testament wat aan hierdie beginsels vir die votum beantwoord, is Romeine 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid". Die beryming van hierdie gedeelte in Skrifberyming 35:3 kan as votum gesing word.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

6.3 *Die Groetseën*

6.3.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

6.3.1.1 Die gelykstelling van die twee keer wat God die gemeente in die samekoms seën as "aanvangseën" en "slotseën" (Acta 1985:411, 412), kan nie gehandhaaf word nie, omdat dit die samekoms 'n soort statiese karakter gee. Die tweede seën het veral die bedoeling om die gemeente uit te stuur om in die daaglikse lewe van elke lidmaat die erediens voort te sit. Die aanbidding, waarop die samekoms van die gemeente uitloop, gaan voort in die daaglikse lewe van elke lidmaat en daarom word hulle geseën.

6.3.1.2 God stuur gevolmagtigde verteenwoordigers wat sy groetseën aan die gemeente bring en afkondig. Die groetseën is gegrond in die groetseën van die Nuwe-Testamentiese briewe, waar die gevolmagtigdes dit in die Naam en op gesag van die Sender proklameer. Die groet- en wegstuurseën word in opdrag van God en namens God self op die gemeente gelê soos die woorde en die liggaamstaal met die hande getuig.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 6.3.1.

6.3.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

6.3.2.1 Die Formule wat in die samekomste vir die groetseën gebruik moet word, moet woorde van God wees, gerig aan gemeentes. Hierdie Formules kom voor in die briewe van die Nuwe Testament aan bepaalde gelowiges, daarom ook in Openbaring 1:4, 5 wat gerig is aan die sewe gemeentes in Klein Asië.

**Besluit:** Goedgekeur.

6.3.2.2 Die woord "aanvangseën" word in die besluite oor die seën vervang met "groetseën", omdat "aanvangseën" die indruk kan skep dat "die erediens" 'n statiese begrip is, wat met 'n seën begin word en weer met 'n seën afgesluit word. Die res van die besluite (Acta 1985:412) word gehandhaaf.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

6.4 *Lofpsalm*

6.4.1 Sake waaroor die Sinode moet besluit

6.4.1.1 Hierdie liturgiese handeling van die gemeente as deel van die Ontmoetingsdiens het die spesifieke doel om op God se groetseën te antwoord. Dit kan ook deur die sing van meer as een loflied geskied.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

6.5 *Die Geloofsbelydenis*

6.5.1 Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

6.5.1.1 Die geloofsbelydenis vorm deel van die Introïtus waarmee die gemeente van gelowiges hulleself as "eenheid in die ware geloof" voor God stel, mekaar versterk en teenoor die wêreld hulleself

afsonder. Hiermee verklaar die gemeente sy identiteit as liggaam in een ware geloof (Joh 4:23; HK, Sondag 21; NGB, artt.27-29).
6.5.1.2 Die Sinode van 1985 het liturgiese beginsels vir die geloofsbelydenis op p.413 en 414 gestel.
6.5.1.3 Die Sinode van 1985 het die moontlikheid dat die geloofsbelydenis paslik op ander plekke as liturgiese handeling van die gemeente gebruik word, uitgesluit (vgl. Acta 1985:414, 3.4.4.2). Die gemeente kan egter paslik op ander plekke in die samekoms hulle geloof bely. Byvoorbeeld by die bediening van die sakramente, as bekragtiging van die geloof van die gemeente en by die aflê van belydenis van geloof deur katkisante, kan die geloofsbelydenis liturgies goed pas.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 6.5.1.

6.5.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit
6.5.2.1 Die liturgiese plek van die geloofsbelydenis is in die reël na die loflied. Die geloofsbelydenis kan egter ook elders aan die hand van bogenoemde riglyne liturgies sinvol en ordelik aangewend word.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

## 7. Verootmoedigings- en Versoeningsdiens in die samekoms

7.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*
7.1.1 Gedurende die hele samekoms beleef die gemeente die grootheid van God en erken die gemeente sy eie nietigheid en sonde. Die belydenis van sonde en die sekerheid van versoening deur die bloed van Christus kom in die handelinge van die votum, die geloofsbelydenis, die wetslesing, gebede, voorlesing en aanhoor van die Formuliere en die prediking voor. Omdat skuldbelydenis en versoening so 'n wesentlike faset in die liturgie is, kan dit ook 'n afsonderlike handeling in die samekoms wees.
7.1.2 Hierdie faset van die liturgie omvat die nederige toetrede van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van God. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise (deur die voorlees van die Wet, samevatting van die wet of gepaste Skrifgedeelte), die biddende skuldbelydenis van die gemeente, die vryspraak van God, waardeur versoening kom en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.
7.1.3 Wanneer gelowiges in die samekoms met die Here in die heilige teenwoordigheid van die Verbondsgod kom, behoort hulle ook bewus te wees van hulle nietigheid, onwaardigheid, sondesmet en sondeskuld. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die gemeente voor die eis van die Koninkryk te stel en deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees.
7.1.4 Die besef van sondeskuld voor God dring die gemeente tot die belydenis van skuld en smet en onwaardigheid en tot smeking om vergewing en vryspraak. So word die volk van God deur die plegtige

gebruik om skuld te bely, geoefen in verootmoediging voor God (Calvyn: Institusie 3.4, 11). In die Skrif is die beginsel van persoonlike en gemeenskaplike skuldbelydenis onder andere te vind waar die volk, onder leiding van Esra en Nehemia, na die ballingskap hulle skuld bely. Wanneer die skuldbelydenis deur die gemeente in 'n Psalm gedoen word, sou die nederige liggaamstaal van sittende sing baie gepas wees.

7.1.5 Op die skuldbelydenis en verootmoediging volg die smeking om genade en die beroep op die barmhartigheid van God. In die lig hiervan was Calvyn o.a. daarvan oortuig dat die skuldvergewing en die sekerheid daarvan 'n baie belangrike saak is vir die samekoms van die gemeente en die voortgang van die aanhoor van die Woord en die aanbidding van God in die samekoms. Sonder die vergewing van sonde kan daar geen gemeenskap met God wees nie. Uit Hosea 2:17 en Jer 33:8 kan afgelei word dat God deur sy barmhartigheid ons met Hom versoen. Hy neem ons nie alleen in sy gemeenskap, die kerk, op deur versoening nie, maar bewaar en beskerm ons deur hierdie selfde vergewing en versoening. Die boodskap van versoening moet aan die gemeente verkondig word. Deur die genade van God en die offer van Christus en die heiligmaking van die Gees geskied die vergewing van sonde.

7.1.6 Die skuldbelydenis en vryspraak is in ooreenstemming met gebruike van die Christelike kerk in die belangrikste periodes van die kerk. Calvyn was maar al te goed bewus daarvan dat die prediking bediening van versoening is, maar hy wil tog ook 'n afsonderlike element in die liturgie bring, en wel aan die begin van die openbare erediens, omdat die gemeente skuldig voor God verskyn. In die eerste plek begrond Calvyn hom op die Skrif, maar hy wil ook terugkeer tot die gebruike van die Vroeë Kerk, met die afwysing van die deformasie wat in die loop van die tyd ingetree het. Hy haal dikwels aan uit die Apostoliese Vaders en die kerkvaders, omdat hy oortuig was dat hulle nog meestal in die Skriftuurlike lyn beweeg. In hierdie tydperk is daar dikwels sprake van openbare belydenis van sonde en veral van verootmoediging voor God. In die *Didache* kom byvoorbeeld die volgende uitsprake voor: "Bely in die gemeente julle sonde en nader nie tot die gebedsamekomste met 'n slegte gewete nie". Asook: "Vier julle Nagmaal nadat julle julle sonde tevore bely het, sodat julle offer rein kan wees".

7.1.7 In die Roomse liturgie word die openbare skuldbelydenis verdring deur die bieg, maar by die Reformatore kry dit weer 'n plek: by Zwingli na die preek aan die einde van die diens, maar by Calvyn aan die begin van die diens. Hy volg Bucer na wat in Straatsburg gesê het: "Laat die Sondagse diens in aanvang neem met 'n gemeenskaplike skuldbelydenis".

7.1.8 Die belydenis en vergewing van sonde hang baie nou saam. Bucer gaan daarin voor en Calvyn volg hom in Straatsburg. Bucer grond hom op 1 Tim 1:15 dat Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. By Bucer en Calvyn is die vryspraak van sonde gegrond op die feit dat God 'n vergewende God is, wat sonde kwytskeld wanneer daarom gebid en daarvoor gedank word.
7.1.9 Calvyn kon ten spyte van teenstand teen sy liturgie en die prysgawe van belangrike elemente van Straatsburg tog in Genevè die skuldbelydenis en vryspraak behou. In aangrypende woorde word skuld net na die votum bely, berou uitgespreek en om genade gesmeek. Maar hy moes later die woorde van vryspraak en troos weglaat. Calvyn skryf drie jaar voor sy dood dat hy dit moes weglaat omdat hy van die inbring van "nuwighede" beskuldig is, maar dat die "nuwighede" net nuut is wanneer jy dit met Farel se liturgie vergelyk. Dit is "oud" omdat dit reeds by die eerste kerk voorgekom het.
7.1.10 In enkele vlugtelinggemeentes bly Calvyn se invloed bestaan, veral ook onder Knox in Skotland. Datheen volg in hoofsaak Calvyn se beginsels van Straatsburg, maar in 1581 (Middelburg) word die elemente van skuldbelydenis en vryspraak, onder die invloed van Gaspar van der Heyden, weggelaat. So bly dit in Nederland en word dit na Suid-Afrika oorgedra. Eers aan die einde van die Negentiende eeu gaan die stem van Kuyper hiervoor op, maar daar is nie besluite om dit in die liturgie 'n plek te gee nie. In Gereformeerde Kerke oor die wêreld het hierdie elemente weer 'n plek gekry in die laaste paar dekades van hierdie eeu.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 7.1.

7.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

7.2.1 Na die Ontmoetingsdiens is die gemeente sterk bewus van die heilige volmaaktheid van God, wat in skerp teenstelling is met die gemeente se sonde, ellende en onwaardigheid. Hierdie teenstelling moet en wil die gemeente voor God erken en bely (Jes 6:3-7) en so word die gemeente in ootmoed voor die Here gestel. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees..

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

7.2.2 Die belydenis van skuld is noodsaaklik sodat die ontmoeting van die heilige God met sy gemeente in versoening kan plaasvind. Dan kan die heilige God op 'n innige wyse met sy gemeente en sy gemeente met Hom verkeer. Dit versterk vroeg in die liturgiese gang van die samekoms troos en vrede in die gemeente. Dit versterk die gemeente se vrymoedigheid om in die teenwoordigheid van die Here te verkeer, na Hom te luister en Hom aan te spreek.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

7.2.3 Gedurende die hele samekoms beleef die gemeente die grootheid van God en erken die gemeente sy eie nietigheid en sonde. Die belydenis van sonde en die sekerheid van versoening deur die bloed van Christus kom in die handelinge van die votum, die geloofsbelydenis, die wetslesing, die gebede en die prediking voor. Omdat skuldbelydenis en versoening so ‘n wesentlike faset in die liturgie is kan dit ook ‘n afsonderlike handeling in die samekoms wees.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

7.2.4 Die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens omvat die nederige toetrede van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van God. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise, die skuldbelydenis van die gemeente, die vryspraak van God en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

7.2.5 Die gemeente kan met sekerheid weet en dit daarom hoor in die vryspraak dat die Here, op grond van die verdienste van Christus, hulle vergewe het. Die vryspraak moet verkondigend gedoen word en moet op die skuldbelydenis volg.

**Besluit:** Goedgekeur.

7.2.6 Saam met die genadeverkondiging kan ook die waarskuwing wees dat hulle wat nie berou het nie en onbekeerd bly voortleef, die dreiging van straf en oordeel oor hulle bring. So kom dit ook in die Nagmaalsformulier voor.

**Besluit:** Goedgekeur.

7.2.7 Hierdie elemente van skuldbelydenis en vryspraak in die liturgie kan nie op 'n vaste patroon, bloot vir roetinedoeleindes voorgeskryf word nie. Die kerkrade moet daaroor besin, die gemeente inlei in die noodsaak en genadegawe daarvan, en dit na goeie oordeel inpas. Die elemente kom in die prediking en in die Formuliere (veral Nagmaal) voor. Dit kan aan die begin van die erediens, maar ook in sekere gevalle in die prediking, gebede en Formuliere en selfs aan die einde van die diens voorkom. Die beginsel van die vryheid van kerke geld hier en daarom is bogenoemde nie voorskriftelik nie. Kerke wat wel hierdie elemente in die liturgie wil handhaaf, het die vryheid daartoe. Die gemeente moet alle gevalle goed hieroor ingelig wees.

**Besluit:** Goedgekeur.

7.3 *Die afkondiging van die Wet*

7.3.1 <u>Sake waaroor die Sinode moet besluit</u>

7.3.1.1 Die voorlesing van die Wet, as kenbron van ellende, as tugmeester tot Christus en as reël van dankbaarheid het 'n plek in die

deel van die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens. As Verbondsgemeente moet die gemeente die Wet in sy geheel ten minste een maal op die Rusdag aanhoor as bekragtiging van die Verbondsverhouding met God. Die voorlees van die Wet uit Eksodus 20 en Deuteronomium 5 beklemtoon die Wet as geheel. Ander Skrifgedeeltes kan die Wet se beloftes en eise as Verbondboek na vore bring, bv.: Ef 4:25-5:3, Rom 12:9-21, dele uit die Bergrede en Kol 3:5-17 en kan aanvullend saam met die voorlesing van die Wet gebruik word.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

7.3.1.2 Enkele riglyne vir die toepassing van hierdie beginsels is: die eis van God word deur 'n Skrifwoord gestel, bv. die liefdesgebod of Jak 2:10, 11. Skrifgedeeltes wat verder gebruik kan word vir die bring tot verootmoediging en skuldbesef: Esra 9:5-10; Pss 32:2-5; 38:1-5; 51:3-14, 19; 130; Jes 59:1-3; Jak 4:3-10; 1 Pet 1:13-25; 1 Joh 1:5-2:5; 2:15-17. Die verootmoediging kan deur gepaste Bybeltekste (voorgelees deur die voorganger) of liefs deur 'n Psalm deur die gemeente geskied (Ps 6, 25, 32, 38, 51, 53 en 130). By die genadeverkondiging is onder andere die volgende tekste van toepassing: 1 Joh 1:9; Eseg 36:26, 27; Rom 5:1; 8:1, 2. En by die waarskuwing vir oordeel indien die genade verwerp word, onder andere: Joh 3:18, 36; Heb 10:28, 29.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 7.3.1.2.

## 8. Die Woorddiens

8.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

8.1.1 Die Sinode van 1985 het besluite hieroor geneem (Acta 1985:414, 415, 417-419) en die Beswaarskrif aan die Sinode van 1994 raak aspekte van die Woorddiens (onder andere die Selfstandige Skriflesing (Acta 1994:554-559).

8.1.2 Die Woorddiens omvat die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.1.

8.2 *Die Gebed om verligting (epiklese)*

8.2.1 <u>Sake waarvan die Sinode kennis kan neem</u>

Die gemeente bely dat die Heilige Gees deur die Woord geloof bewerkstellig en deur die Woord geloof versterk. Die Gees versterk die geloof ook deur die gebruik van die sakramente. Voor die gebruik van die Nagmaal en die doop is daar in elkeen van die Formuliere 'n gebed om die werking en verligting van die Heilige Gees (Nagmaal: "...sodat ons met Hom ... deur die krag van die Heilige Gees gevoed en verkwik word..."; Doop: "...dat U hierdie kind ... deur u Heilige Gees in u Seun Christus wil inlyf..."). As dit in die Formuliergebede voor die bediening van die sakramente nodig

is, is die epiklese soveel meer nodig voor die bediening van die Woord.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.2.1.

8.2.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit

8.2.2.1 Die noodsaak van gebed om die verligting van die Heilige Gees gerig op die Woorddiens word opnuut beklemtoon, sonder om die inhoud van die eerste gebed (of dit meer as die epiklese kan omvat) voorskriftelik te maak. Hierdie gebede kan voor of na die Skriflesing geskied en kan gepraat of deur die gemeente gesing word.

8.2.2.2 Weens die verduisterde verstand en hart van die mens en weens die Goddelike aard van die Skrif moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees, en dat die gemeente die Woorddiens as Woord van God sal aanneem en dat die Woord vrug sal voortbring. Hierdie gebed van die gemeente spruit voort uit hulle totale afhanklikheid van God die Heilige Gees as die eintlike Inspireerder en Verklaarder van die Goddelike Woord. Die bede om verligting gaan nie net om prediking nie, maar moet veral ook op die voorlees en aanhoor van die Woord gerig wees.

8.2.2.3 Die gebed is dat God in die voorlees en aanhoor van die Woord mense sal aanspreek en dat die gemeente die gelese en verkondigde Woord as die eie Woord van God sal aanneem, toe-eien, gehoorsaam en uitdra.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

8.3 *Die Selfstandige Skriflesing*

8.3.1 Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

8.3.1.1 Die Sinode van 1985 het nie gevolg gegee nie aan die aanbeveling van die Deputate, nl. dat die Selfstandige Skriflesings 'n eie plek in die erediens ontvang en dat die inhoud van die Selfstandige Skriflesings aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat word. Daar is egter geen motivering vir die verwerping van die aanbeveling gegee nie. Die Beswaarskrif voor die Sinode van 1994 het geslaag op die punt dat daar nie motivering vir besluite gegee is nie. Dit raak ook die Selfstandige Skriflesing. Die motivering van die Deputate van 1985 vir die aanbeveling om aan die Selfstandige Skriflesings 'n eie plek te gee, staan in die Acta, 1985:414-415. Deur sy besluit begunstig die Sinode van 1985 die idee dat die samekoms geskied met die oog op die preek. Daarmee kan die totale ontmoeting, van God met sy volk en die volk met Hom en mekaar, uit die oog verloor word. Deur sy besluit skep die Sinode van 1985 die indruk dat hy die Skrif, waar God praat, ondergeskik maak aan die preek.

Die volwaardige plek van Skriflesings as selfstandige handeling in die liturgie staan op grond van bogenoemde motivering en die volgende vas:

8.3.1.2 Skriflesing is Godsopenbaring

Die wonder van die gemeente se lewe is dat die diepste geheimenisse van God deur die werking van die Heilige Gees die mens se oor kan bereik en dat dit geken en geglo kan word (1 Kor 2:10-16). Die Gees deurgrond die geheimenisse, gee dit in die hart en verstand van die verkondigers en inspireer hulle om hierdie geheime in verstaanbare mensewoorde deur getuienis aan hoorders en lesers deur te gee. Daarom is die lees en aanhoor van die Skrif in die amptelike samekoms van die Verbondsgod met sy verbondsvolk noodsaaklik. God openbaar Hom in die Skriflesing.

8.3.1.3 God is met die Skriflesing regstreeks aan die woord

Die Woord van God kom met krag omdat dit bewerk wat dit verkondig, naamlik redding van mense en bevryding van sonde en doodsmagte, tot eer, lof, dank en diens van God. Dit is omdat die skrywers van hierdie heilige Skrifte so geïnspireer is deur die Gees dat hulle die woorde van God skryf. Wat dus tydens die Skriflesing gehoor word, is die Woord van God.

8.3.1.4 Die Skrif is duidelik en genoegsaam

Die Skrif kan slegs deur die besondere hulp van die Heilige Gees verstaan en verklaar word. Hierdie Bybelskrywer is ook die Bybelverklaarder (Joh 14:25, 26; 16:12, 13; Rom 8:5-7; 1 Kor 2:10-16). God sorg dat ons 'n betroubare berig oor sy heilsdade in die geskiedenis ontvang en ook - deur dieselfde Gees - dat ons die berig reg verstaan. Die Skriflesing in die samekoms van die gemeente kom uit die Skrif wat nie alleen self duidelik is nie, maar die gemeente wat biddende die Woord ontvang, wat vervul is met die Gees, het die sekerheid dat die Heilige Gees self die Skrif aan hulle sal verklaar. Hiermee hang die genoegsaamheid van die Skrif saam (2 Pet 1:19-21; NGB, art.7), sodat dit nie nodig is om die Skrif op enige wyse aan te vul nie. 'n Samekoms van die gemeente sonder dat daar 'n geroepe dienaar is om te preek, is daarom ontmoeting, aanbidding en verheerliking van God. Die ooraksentuering van die prediker en sy preek vereng die samekoms van die gemeente in stryd met die Belydenis (Kategismus, Sondag 38).

8.3.1.5 Die gemeente is die aangesproke persoon

Die belangrikheid van die voorlesing van die Skrif in die erediens word deur die inhoud van die Skrif self bepaal. Die Skrif vereis dat dit nie net deur individue gelees moet word nie. Gelowiges saam moet sekere gesamentlike toeseggings en opdragte as één gemeenskap hoor (bv. Ef 4, Heb 10). Die Gees het die gemeente tot 'n eenheid gesmee en daarom is die gemeente, net soos elke individu afsonderlik, 'n aangesproke persoon. Die gemeente handel in die

toe-eiening van die Woord as 'n liggaam, en dit gee aan hulle deelname aan die Skriflesing 'n korporatiewe karakter. Deur die hoor en toe-eiening van die Skrif ontdek die gemeente as liggaam nie net nuwe rykdom in Christus nie maar ontstaan daar 'n nuwe siening van medegelowiges en word die gemeenskap as 'n geestelike koinonia (gemeenskap) beleef.

8.3.1.6 Skriflesing die handeling waar God regstreeks en duidelik tot sy volk praat (vgl. 8.3.1.3)

Omdat God in die ontmoeting die inisiatief behou, is God se regstreekse aanspreek van sy volk die belangrikste aktiwiteit wat in die ontmoeting plaasvind. In die Skriflesing kom God in Christus deur sy Gees persoonlik na ons toe om in en aan ons lewe te werk. In die voorlesing betoon die lewende Woord sy krag, want God kom aan die woord om die gemeente te begenadig en te beoordeel. Die Skriflesing het met betrekking tot die ander handelinge in die samekoms 'n beslissende uitwerking.

8.3.1.7 Die getuienis van die geskiedenis

8.3.1.7.1 In die Ou Testament beklee die Skriflesing en die mondelinge oordra van die Woord 'n baie belangrike plek. In die sinagogale erediens, wat 'n sterk invloed op die Christelike erediens uitgeoefen het, is die Tora sistematies deurgelees en is daar later ook uit die profete voorgelees. Die handeling was 'n selfstandige deel en is as 'n doel op sigself beskou. Van die begin af was die lees van die Skrif een van die essensiële elemente in die Christelike erediens en daar is uit die wet en profete en later ook uit die briewe en selfs uit die boek Openbaring voorgelees. Dit duur in die eerste eeue voort.

8.3.1.7.2 Die Sestiende-eeuse Reformasie het, ná die willekeurige perikoopsisteem van Skriflesing van die Middeleeue, onder leiding van Calvyn die lectio continua (aaneenlopende Skriflesing) sterk benadruk. Hulle poog veral om die erediens te herstel soos dit in die vroeë kerk was. Uit die tyd van die Reformasie blyk dit dat wanneer die Skriflesing verskraal, dit meestal deur 'n oordrewe intellektualisme in die prediking veroorsaak word en dat die herstel van die vervalle liturgie met die herinstelling van die Skriflesing as selfstandige deel van die liturgie gepaard gaan.

8.3.1.7.3 Die ontwaking van die liturgiese bewussyn aan die begin van die Twintigste eeu kom onder andere as gevolg van die regte verstaan van die bedoeling van die Skriflesing in die erediens. Die kern daarvan was: die Woord van God moet nie alleen middellik deur die prediking nie maar veral onmiddellik en regstreeks deur die Skriflesing na die gemeente uitgaan. Die Skriflesing as handeling in die erediens volg die lyn wat van die tabernakel, tempel, sinagoge deur die Nuwe Testament tot in die Twintigste eeu deurloop, en is dus die (enigste?) saambindende faktor wat dwarsdeur die eeue deurslaggewend is in die ontmoeting van God met sy volk. Die

lesing is feitlik deurgaans tydens die hoofmomente van die geskiedenis as 'n selfstandige handeling beskou, los van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en die suiwere Skrifprediking self.

8.3.1.8 Praktiese toepassing van Selfstandige Skriflesing

8.3.1.8.1 Die eenheid van die Skrif is 'n grondliggende uitgangspunt van die Gereformeerde belydenis en daarom ook vir die praktiese toepassing van die Selfstandige Skriflesing. Die Ou Testament is net so ten volle Woord van God as die volle Nuwe Testament. Elk op 'n eie wyse is albei Testamente betrokke op die een openbaring van God Drie-enig. Daarom moet die doelwit wees om elke Sondag ten minste een keer uit beide voor te lees. Die Skrif is 'n organisme, en daarin is verskeidenheid en dit is nie toevallig nie. Hierdie organiese eenheid en verskeidenheid word in die meerdere lesing tot uiting gebring. Die lees van die Skrif (een, twee of drie dele) as selfstandige handeling en die Skriflesing waaruit prediking voortvloei en die Skriftuurlike prediking is saam die een groot diens van die Woord. Dit is van die grootste belang dat in die besluite oor die Selfstandige Skriflesing rekening gehou moet word met die geskiedenis, veral die gebruike in die Nuwe-Testamentiese en in die Vroeë Kerk. Hierdeur word die neiging tot willekeur getemper deur die besluite om die Skriflesing onder die tug van die geskiedenis te plaas. Dit was ook Calvyn se standpunt betreffende die herstel van die liturgie na die voorbeeld van die Vroeë Kerk.

8.3.1.8.2 Die voorlesing moet uit volledige, afgeronde dele wees en nie 'n klompie kort brokkies nie. Daarom behoort die Skriflesing uit die volle Skrif oor die een of meerdere samekomste van die gemeente versprei te word. Daar kan maklik weens die druk van tyd en die begeerte om in een diens uit die Ou Testament, briewe en evangelie voor te lees, te kort en klein gedeeltes uit 'n bepaalde gedeelte gelees word. Te lang gedeeltes moet egter nie gebruik word nie.

8.3.1.8.3 Omdat die evangelie, die koms, sterwe en opstanding van Jesus Christus, die brandpunt van die Godsopenbaring vorm, moet daar gepoog word om in die samekom(ste) uit die heenwysing na die brandpunt (Ou Testament), die ontvouing van die brandpunt (briewe, Handelinge, Openbaring) en die brandpunt self (vier Evangelies) te lees. Dit kan volgens die openbaringshistoriese metode gedoen word waar die Heilige Skrif in die loop van die jaar in hoofmomente volgens onderskeie, vir elke jaar bepaalde, openbaringshistoriese lyne deurgelees word. So word willekeur in 'n groot mate uitgesluit. Riglyne vir die Selfstandige Skriflesing kan jaarliks deur Deputate van die Sinode aan kerke verskaf word.

8.3.1.8.4 Die Selfstandige Skriflesing kan deurlopend voortgaan selfs al sou 'n besoekende predikant optree of waar 'n gemeente vakant is of 'n predikant sy jaarlikse verlof neem.
8.3.1.9 Samevattend kan die vrug van die liturgiese handeling van Selfstandige Skriflesing so gestel word:
- Die gemeente word langs hierdie weg al meer opgevoed om selfstandig na God in sy Woord te luister, juis omdat die Woord bedoel is om gehoor te word.
- Die Skrif gaan vir die gemeente in sy volle breedte en diepte, verskeidenheid en samehang oop wanneer hulle as een liggaam van Christus daarna luister.
- Die feit dat meer (en dikwels minder bekende) dele gehoor word, bring 'n omvangryker kennis van God en 'n verdieping in die geloof mee.
- Die uitwerking op die prediking is groot. Die prediker word deur die aanhoor van verskillende Skrifgedeeltes weggelei van tipologiese, tematiese, moralistiese prediking na eksegese en aktuele Skrifprediking.
8.3.1.10 Onderskeid tussen Selfstandige Skriflesing en Skriflesing waaruit prediking voortvloei
In die Selfstandige Skriflesing en die Skriflesing waaruit die teks gekies word, kom God regstreeks aan die Woord. Die onderskeid tussen hierdie twee is die doel waarvoor dit aangewend word. Die Selfstandige Skriflesing as afsonderlike handeling benadruk die feit dat God sonder bemiddeling vandag nog kan en behoort te praat en werk mee om die volle verskeidenheid en die samehang van Gods Woord te laat deurklink. Die gemeente word hierdeur opgevoed om beide Skriflesings as die eintlike Woordverkondiging en hoogtepunt van die erediens te beleef. Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei, stel God ook regstreeks aan die Woord, en die handeling het die verdere doel om die gemeente die teksverband beter te laat verstaan.
8.3.1.11 Die gemeente se deelname aan en betrokkenheid by Selfstandige Skriflesing

8.3.1.11.1 Die voorleser/voorlesing van die Skrif
Die Reformasie het ook die instituut van die voorleser geken en hy het die taak gehad om voor die eintlike diens begin, uit die Skrif voor te lees. So is in die Reformasietyd die draad van die ou kerk weer opgeneem: Skriflesing deur ouderlinge en diakens, al het dit aanvanklik voor die diens plaasgevind. Wanneer die predikant al die liturgiese handelinge verrig, word die indruk versterk dat mense kom om na die een man te luister en dat alles wat bykom, onnodige verfraaiing is wat maar weggelaat kan word. Die amp van die gelowige word gerespekteer deur gemeentelede die voorlesing te laat

waarneem, maar hulle moet deeglik onderrig word sodat die lesing helder en duidelik kan wees en oral verstaanbaar is. Juis in die voorleserskap kom iets van die algemene priesterskap van die gelowiges tot uitdrukking, veral wanneer afwisseling van lesers plaasvind. Die belangrikste voorvereiste vir die aktiwiteit van die voorlesing vir beide voorleser en hoorder is dat hulle van die Heilige Gees vervul moet wees. Die vertaling van die Skrif in 'n eietydse idioom is 'n voorvereiste vir die goeie lees van die Skrif in die liturgie. Uit die kerkgeskiedenis blyk dit duidelik dat 'n Bybelvertaling deurslaggewende betekenis vir die liturgie het. Die Here het sy woord in sy volk se hande gegee, aan die gemeente toevertrou.

8.3.1.11.2 Die aksie van luister na die Skrif

Die gemeente neem verder deel aan die handeling van die Skriflesing deur aktief daarna te luister. Die Bybel verbind die voorlees van, luister na en ter harte neem van die Skrif aan mekaar, veral in 'n gedeelte soos Op 1:3: "Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby". Elkeen wat hoor, staan in die genieting van hierdie heilswerking in geen enkele opsig by die voorleser agter nie. Luister is dus nie 'n passiewe instelling nie, want die hoorders moet so luister dat hulle bewaar, ter harte neem en optree volgens dit wat hulle gehoor het. Hierdie aksie kan dus as toe-eiening beskryf word, nie bloot van woorde nie maar van Christus, wat die brandpunt van die inhoud van die Openbaring (ook openbaring) is.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.3.1.

8.3.2 <u>Sake waaroor die Sinode moet besluit</u>

8.3.2.1 In die lig van die motivering wat hieroor voor die Sinode van 1985 (414-415) gedien het, asook die motivering in punte 8.3.1.2 - 8.3.1.11 hierbo, word die liturgiese handeling van die Selfstandige Skriflesing as liturgiese moment onder die Woorddiens erken. Die beoefening van hierdie liturgiese handeling word aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

8.4 *Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei*

8.4.1 <u>Sake waarvan die Sinode kennis kan neem</u>

8.4.1.1 In 1985 het die Deputate op grond van 'n lang motivering aanbeveel dat die Skriflesing (waaruit die prediking voortvloei) en die prediking self in die erediens regstreeks gekoppel word (Acta 1985:417, 418). Die Sinode van 1985 het die aanbeveling verwerp, met die motivering dat die orde van gebed, Skriflesing en prediking aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat word (Acta 1985:417, 419). Tradisioneel is die Skriflesing waaruit die prediking

voortvloei as Selfstandige Skriflesing beskou en daarom is die Skriflesing en die prediking deur 'n Psalm geskei.
8.4.1.2 Die lees van die Skrifgedeelte waaruit die prediking voortvloei, is nodig sodat die gemeente die verband waaruit die teks kom, kan verstaan. Die noue verbinding tussen Skriflesing en prediking word op Lukas 4:21 en Handelinge 13:15 gegrond en veral ook op Nehemia 8:6-8.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.4.1.

8.4.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit

8.4.2.1 Die prediking het ‘n dienende funksie van oopmaak en toepas ten opsigte van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en behoort so nou as moontlik daaraan verbind te word. Die koppeling van Skriflesing en prediking word aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

8.5 *Die prediking*

8.5.1 Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

8.5.1.1 Die enigste besluite wat by die Sinodes van 1927, 1955, 1985 en 1994 oor die prediking geneem is, raak die aktiwiteit van die gemeente onder die prediking (Acta 1955:402) en die plek van die prediking in die liturgiese volgorde (Acta 1927:80; 1985:424). In die Beswaarskrif van 1994 word die prediking nie by name genoem nie, maar die omvattende opdrag sluit ook die prediking in.
8.5.1.2 Die besondere aard van die Godsopenbaring, die Heilige Skrif, wat die sentrum van die Christelike geloof vorm, vereis en beveel prediking of proklamering van God se Woord.
8.5.1.3 Prediking het 'n dienende funksie. Die verhouding Christus en die prediker bepaal die dienende karakter van die prediking ten opsigte van die Koningswoord, die Skriflesing. Die prediker en sy prediking staan in diens van Jesus Christus en van die Gees van God. Hierdie dienende funksie van die prediking bepaal die verhouding van Skriflesing tot prediking. Uit die geskiedenis van die sinagogale en Nuwe-Testamentiese erediens blyk dit dat die prediking regstreeks op die Skriflesing gevolg het om so die afhanklikheid van die Skriflesing en die fundering daarvan in die Skrif te erken.
8.5.1.4 Dikwels hoor die gemeente dat gesing of selfs gelees word "met die oog op die prediking". Die oorsaak kan wees dat die samekoms van die gemeente te oordrewe intellektueel beleef word. 'n Verdere gevaar is dat die prediking van die profete en apostels aan die prediking van die huidige predikers gelykgestel word. Die Skrif is veel omvangryker. En in die lees en aanhoor daarvan word die gemeente blootgestel aan 'n breër oproep tot aanvaarding van genade en oproep tot bekering. Die prediking kies maar een aspek van die

bepaalde Skrifgedeelte om dit in die konkrete situasie van die gemeente in te dra.
8.5.1.5 Deur die prediking moet God aan die woord kom. Die prediking het gesag, maar dra 'n voorwaardelike karakter. Die prediking is altyd toetsbaar aan die Skrif en die prediker moet weet dat, sonder die krag en gemeenskap van die Heilige Gees, prediking 'n selfvernietigende taak is wat prediker en hoorder afbreek. Omdat God deur dienende prediking aan die Woord kom, het prediking sleutelmag. Jesus Christus handel in die prediking want Hy handel in, met en onder die liturgiese handeling van die prediking. God se eie boodskap wat Hy destyds aan bepaalde mense in 'n bepaalde gestalte gegee het, moet opgevang en met krag deurgegee word, sodat die mense van vandag in die samekoms van die gemeente vol verwondering voor die drie-enige God te staan kom.
8.5.1.6 Prediking is slegs ware prediking as die lyne vanuit die bepaalde teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens van die hede getrek word. Die lewende God se lewende Woord dwing tot 'n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die boodskap tydens die handeling van die prediking.
8.5.1.7 Die gemeente neem deel aan die handeling van die prediking deur biddende te luister. Die aktiewe luisteraksie is verstaan, instemming en toe-eiening van die boodskap. Daarom is die "amen" na die preek nie die "amen" van die prediker nie, maar die "amen" van die gemeente waarmee die boodskap so toegeëien word dat dit nou die preek van die gemeente word. Die gemeente moet daarom bid om die gawe van die profesie, wat beteken die gawe om in 'n konkrete situasie die boodskap prakties toe te pas.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.5.1.

8.5.2 <u>Saak waaroor die Sinode moet besluit</u>
8.5.2.1 Die ontmoeting van God met sy volk kom verder tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens waar God in die mededeling van sy genadegawes, sy volk vertroos en vermaan met die belofte en eis van sy verbond met ons. Hierdie Woorddiens is ‘n besondere liturgiese handeling wat die sleutels van die koninkryk van die hemel in die samekoms bedien. God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot ‘n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

8.6 *Die sakramente*
8.6.1 <u>Die Sinode kan van die volgende kennis neem</u>
8.6.1.1 Die Sinode van 1985 het duidelike besluite oor die liturgiese inhoud van die doop en Nagmaal geneem en die liturgiese plek by albei sakramente aangedui as ná die Woord (by die doop ten minste

na die Skriflesing). Verder is geen opdragte rakende die sakramente aan hierdie Deputate gegee nie.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 8.6.1.

**9. Die Antwoorddiens (Responsoria)**

9.1 Die Responsoria is antwoord van die gemeente op al die voorafgaande handelinge, nl. die introïtus, die skuldbelydenis (absolusie) en die Woorddiens as toedeling van genade en tug van God.

9.1.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

9.1.1.1 Die Heilige Gees sorg dat die samekoms van die gemeente 'n ontmoetingskarakter dra waarin die ontmoeting, aanbidding en belewing van verbondsgemeenskap plaasvind. Dit sluit in die intrede van God in die midde van die amptelike samekoms van die gemeente. Die ontmoeting van God met sy volk kom tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens, waar God sy volk vermaan, vertroos en sy genadegawes meedeel. Hierdie Woorddiens is die deurslaggewende handeling in die samekoms en die Responsoria (antwoord in aanbidding en dank) kan net plaasvind op grond van die Woorddiens. In die Responsoria kom normaalweg die aanbidding deur gebede waarin die voorganger die gemeente voorgaan, en die gebede wat die gemeente sing, asook die liefdegawe na vore. Omdat dit antwoord van die gemeente is, kan die geloofsbelydenis en skuldbelydenis ook by uitsondering hier voorkom.

9.1.1.2 Die prediking is die knooppunt in die ontmoeting in die samekoms, want God kom aan die woord en die prediking het die Woord as opdrag. Maar ook die gemeente kom aan die woord, want prediking wat in die gemeente ingedra word, het 'n belydenis en getuieniskarakter, dit is napraat van God. God roep deur die Woorddiens gebed, aanbidding, dank en verootmoediging in die hart van die gemeente op. Hierdie gebed van lofprysing, aanbidding, skuldbelydenis, dank en smeking/voorbidding kom tot uitdrukking in gebede waarin iemand die gemeente voorgaan en gebede wat die gemeente sing.

9.1.1.3 Hierdie Responsoria is die gemeente se aktiwiteit en as antwoord op God se genadetoedeling is die handelinge in die Responsoria as verootmoediging, belydenis en aanbidding die gemeente se belangrikste liturgiese handelinge en daarom liturgies onmisbaar.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 9.1.1.

9.1.2 <u>Sake waaroor die Sinode moet besluit</u>

9.1.2.1 Alhoewel die gemeente deurlopend antwoord op God se spreke kulmineer die gemeente se respons in die Antwoorddiens. Daarom is die Antwoorddiens die antwoord van die gemeente op al die voorafgaande liturgiese hoofmomente, naamlik die Ontmoetingsdiens, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens en

die Woorddiens. God roep veral deur die Woorddiens in die hart van die gemeente, gebed, aanbidding, dank en verootmoediging op.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.1.2.2 Die antwoord van die gemeente op die ontmoeting met God tot nou toe geskied deur gebed, Christelik handreiking en sang. Die gebed van die gemeente kan geskied by wyse van die voorganger wat die gemeente voorgaan en by wyse van gebede wat deur die gemeente gesing word.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2 *Die respons deur die gemeente*

9.2.1 Die "amen" van die gemeente

9.2.1.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

9.2.1.1.1 Die "amen" na die preek is nie die "amen" van die prediker nie, maar die "amen" van die gemeente waarmee die boodskap so toegeëien word dat dit nou die preek van die gemeente word.

9.2.1.1.2 Die gebed in die samekoms is die gemeente se gebed. In die samekoms is die gemeente 'n gemeenskap van bidders. 'n Uiters belangrike voorvereiste vir verenig-wees-in-gebed is opregtheid van sowel die voorbidder as die saambidders. Die saambid kan grootliks versterk word as die woord "amen" in die regte lig gesien word. In die Ou-Testamentiese, Sinagogale en Nuwe-Testamentiese liturgieë is die "amen" 'n handeling van die gemeente en nie van die voorganger nie. In die Middeleeue word die "amen" van die gemeente weggeneem, maar die Reformatore het die aktiwiteit van die gemeente herstel, maar die "amen" is nie op alle plekke aan die gemeente teruggegee nie. Met die "amen" word die inhoud van die gebed amptelik deur elke bidder as sy of haar eie toegeëien.

9.2.1.1.3 Die "amen" van die gemeente is baie belangrik by die bevestiging van die geloofsbelydenis. Omdat gemeentes meestal nie die geloofsbelydenis almal saam hardop bely nie, is die bevestiging deur die "amen" aan die einde daarvan van die grootste belang.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 9.2.1.1.

9.2.1.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit

9.2.1.2.1 Die "amen" aan die einde van handelinge soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Dit is die vasgryp aan wat God in sy verbond beloof en die bevestiging van wat bely en gebid is (vgl. Kategismus, Sondag 52). Ter wille van goeie orde gaan die voorganger die gemeente hierin voor of laat dit saamsing.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2.2 Die respons van die gemeente deur gebed waarin 'n voorganger voorgaan

9.2.2.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

9.2.2.1.1 In die Rapport voor die Sinode van 1985 (Acta 1985:416, 417) verwys die Deputate na die onderskeid wat die Reformatore in die Sestiende eeu tussen die gebed vóór en ná die Woorddiens gemaak het. Die epiklese voor die Woorddiens was kort en het uit lofprysing bestaan en het oor verligting deur die Gees ter wille van die hoor, verstaan en toe-eiening van die Woord gegaan. Die gebed na die Woorddiens was die hoofgebed wat deur die Woord opgeroep is. Dit het uit aanbidding, skuldbelydenis, dank, voorbidding en smeking bestaan. Die Sinodes van 1927 (Acta 1927:80) en 1955 (Acta 1955:405) het die lang gebed tussen Skriflesing en prediking geplaas, sonder motivering waarskynlik omdat dit as 'n ou gebruik uit Nederland geërf is.

9.2.2.1.2 Die Beswaar wat op die Sinode van 1994 geslaag het oor ongemotiveerde besluite, raak ook die liturgiese plek van die gebede. Die opdrag van 1994 sluit verder die inhoud van gebede in die samekoms van die gemeente in.

9.2.2.1.3 Die aanbidding in gebede waarin 'n voorganger die gemeente voorgaan, kan alleen in Gees en in waarheid plaasvind. "In die Gees bid" (Ef 6:18) is om kinderlik God as Vader te ken en in eerbied en vertroue innig met die Vader te praat en tegelyk bewus te wees dat die woorde wat die gemeente uitspreek, deur die Gees geheilig en tot in die Vaderhart ingedra word.

9.2.2.1.4 Die Woord roep gebed op (bv. Ps 51; Luk 17:12-19; Ef 3, waar die gebed vir Woordopenbaring onderbreek word, vgl. vers 1 en 14). Die openbaring van wie God is en wat sy wil is, is 'n noodsaaklike voorwaarde vir gebed. Sonder gemeenskap met die Woord van God kan daar geen gebedsgemeenskap ontstaan nie.

9.2.2.1.5 Gebed is die geestelike intree in God se heiligdom, die regstreekse aanspreek van God, die belydenis van die bidders en die belangrikste deel van die gemeente se dankbaarheidslewe. J.D. du Toit sê dat stilte die geestelike ruimte is waarin die mens se gees die suiwerste op aanbidding voorberei. In Habakuk 2:20 word stilte aan die intree in die teenwoordigheid van God gekoppel. Na die Woorddiens, voor die respons in aanbidding en verootmoediging, kan daar 'n kort stilte voor die gebed wees. Die gemeente is deur die Woorddiens meegeneem en in die gebed moet hulle tot 'n ander aksie oorgaan. Die stilte voor God, veral nadat die Woord van die Here gespreek het, is 'n wesentlike deel van die ontmoeting van die gemeente met God. Om stil te wees, is 'n groot aktiwiteit uit eerbied vir God se mag en heerlikheid.

9.2.2.1.6 In sy respons deur gebed waar 'n voorganger voorgaan moet die volgende aspekte tot hulle reg kom:

* Lofprysing, aanbidding en eer: Dit is die innigste en hoogste vorm van aanbidding, en daarom aanbid die gemeente God vir wie Hy is.

* Dank: Die gemeente dank die Here vir alles wat Hy gee en doen. Dit het betrekking op die gawes wat vir die aardse lewe nodig is, maar veral op die gawes wat God in en op grond van die verlossing van Christus gee.
* Skuldbelydenis: Gesamentlike skuldbelydenis van die sondige gemeente in die teenwoordigheid van die Heilige God is 'n noodsaaklike deel van die gemeenskaplike gebed. Dit is in die responsoria nodig wanneer die Woorddiens daartoe oproep. Andersins kan vanuit 'n ontmoeting met God se groot liefde die mens, steeds klein en nederig voor God in sy sondebesef, nou opklim tot God en dank, sy nood voorlê en voorbidding doen, soos dit behoort, en hom in verbondsgemeenskap verlustig.
* Voorbidding/smeking: Die gemeente mag en moet alles wat hulle nodig het, van die Vader in die hemel vra om daarmee sy kinderlike afhanklikheid van God te toon. Die gemeente moet voorbidding doen vir die kerk, mense in nood, owerhede en die wêreld.
* Beloftes: God het baie beloftes gemaak waarop die gemeente hom in sy gebede kan beroep (Ps 50:16; 119:38; Luk 11:13).

9.2.2.1.7 Die Sinode van 1985 het opdrag gegee dat die Formuliergebede herformuleer moet word (Acta 1985:417). Die Sinode van 1988 besluit egter dat die opdrag onuitvoerbaar is en dat van die opdrag afgesien word (Acta 1988:748, 749). Geen Sinode het die gebruik van die Formuliergebede verpligtend gestel nie, maar hulle aanbeveel vir gebruik en as riglyne en onderrig vir eie gebede. Omdat die huidige Formuliergebede nie in elke opsig aan die eise van ons tyd voldoen nie (taal, nood van die tyd) behoort meer klem gelê te word op die onderrigdimensie van die Formuliergebede.

9.2.2.1.8 Sinodes het besluit om die gebedshouding aan die vryheid van die kerke oor te laat. By die oorweging van die gebedshouding deur die kerke moet die volgende in aanmerking geneem word: In die Nuwe Testament word nêrens 'n gebedshouding voorgeskryf nie. Die aard van die gebed bepaal die gebedshouding. Omdat ons kerkgeboue nie ingerig is daarvoor dat lidmate kan kniel nie, sou die ootmoedige houding van sit by skuldbelydenis en die epiklese-gebed 'n bepaalde uitdrukking van liggaamstaal wees.

Na die Reformasie was daar in die plekke van aanbidding slegs enkele los stoele en die mans het die hele diens deur gestaan. In die tyd van Voetius het die vroue ook staande saam met die mans aanbid. Die praktyk dat vroue in die koue Europa voetstoeltjies met kole saamgebring het en daarom nooit in die diens kon opstaan nie, het skynbaar die begin van die gebruik gevestig dat mans onder die gebed moet staan en vroue moet sit. Die gebruik is versterk deur die Puriteine se invloed wat onderskeid tussen mans en vroue se gebedshouding gemaak het op 'n beroep (ten onregte) op 1 Kor 11:7, 8. Die enigste maatstaf is dat daar in geen ander liturgiese handeling

onderskeid in liggaamshouding gemaak word tussen mans en vroue nie. Dit is nie Skriftuurlik te verantwoord dat mans en vroue verskillende gebedshoudings inneem nie. Die gebedshouding is egter nie 'n beginsel nie en bejaarde lidmate of lidmate wat nie maklik kan staan nie, hoef nie te staan nie. Hulle innerlike houding teenoor die Here is deurslaggewend. Die mees verkieslike is dat die hele gemeente dieselfde gebedshouding inneem.

9.2.2.1.9 Ander voorgangers kan ook in sekere handelinge van die gemeente die gemeente voorgaan. Besluite hieroor is reeds geneem ten opsigte van die lees van die Formuliere en die voorgaan in gebede. Die Bedienaar van die Woord bedien kragtens sy roeping die Woord deur die prediking en bedien die sakramente. Maar die diens van die gebede, die lees van die Wet en die Selfstandige Skriflesing kan deur die kerkraad aan ander voorgangers toevertrou word. Die voorgangers moet in alle gevalle goed voorberei wees, ook met die oog op voorgaan in die gebed.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 9.2.2.1.

9.2.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

9.2.2.2.1 Die liturgiese plek van gebede in die samekoms word aan die vryheid van kerke oorgelaat, met die riglyn dat die gebed om verligting voor die Woorddiens plaasvind en die omvattende gebed van lofprysing, aanbidding, dank, verootmoediging en skuldbelydenis en smeking/voorbidding in die Antwoorddiens, omdat aanbidding deur die Woorddiens opgeroep word

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2.2.2.2 Die liturgiese handeling van stilte na die Woorddiens, voor die aanbidding as antwoord op die Woorddiens, word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

**Besluit:** Goedgekeur.

9.2.2.2.3 In die gebede in die samekoms van die gemeente behoort die volgende onder andere aandag te kry: verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens, aanbidding, skuldbelydenis, dank, smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God (bv. Neh 1:8-10; Luk 11:13).

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2.2.2.4 Die liggaamshouding behoort te pas by die liturgiese betekenis en wese van die gebed en altyd eerbied te betoon in die wete dat die Drie-enige God aangeroep word. Die gebedshouding van die hele gemeente word aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2.2.2.5 In die lig van Sinodebesluite in 1988 oor die hervertaling en gebruik van Christelike gebede, besluit die Sinode om dit nie weer in die Psalmboeke op te neem nie.

**Besluit:** Afgekeur.

Motivering:

1. Die nie opneem van die Christelike gebede in die Psalmboek is ‘n redelike ingrypende saak.
2. Die behoefte aan riglyn-gebede by verskillende geleenthede bestaan steeds.

9.2.3 Die aanbidding en ander response deur die gemeente deur die sing van Psalms

9.2.3.1 Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

9.2.3.1.1 In sommige Psalms en Skrifberymings is God aan die Woord en praat Hy met sy volk (o.a. Ps 78; 82 en Skrifb 6). Die meeste van die Psalms verwoord die volk (of digter) se aanbidding van, verootmoediging voor en smeking tot God. In die lig hiervan het 'n Psalm en Skrifberyming 'n selfstandige liturgiese funksie en nie bloot die funksie om "met die oog op..." 'n ander liturgiese handeling plaas te vind nie. Dit gaan, soos by die liturgiese handelinge in die Ou Testament om die herinnering aan en herdenking van God se groot dade in die verlede, die God wat steeds groot dade doen onder die volk wat aanbid.

9.2.3.1.2 Sang en begeleiding is diensbaar aan die woorde waarmee met God in die liturgie gekommunikeer word omdat die gemeente daarin as geheel aan die woord kom. Die Psalm en Skrifberyming dien as 't ware as Formulier om in eenheid te aanbid, smeek, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig, ens. Omdat sang die uitnemende geleentheid bied van eenvormige handeling deur die hele gemeente, moet die aantal liedere wat gesing word en die aantal verse van elke lied nie deur ander handelinge beperk word nie. Sang is geïnspireerde woorde wat die gemeente se gesindheid van eerbied en liefde tot God tot uitdrukking bring.

9.2.3.1.3 Die gemeente bou mekaar op deur die gemeentesang. Daarom het baie Psalms die inhoud van aansporing om God te loof of om voor God te verootmoedig of om saam skuld te bely. Die gemeente mag nie deurgaans buite rekening gelaat word in die bepaling van die liedere wat in die samekoms gesing sal word nie. Die selfstandige plek van die lied in die samekoms gee die vryheid aan deelnemers om vooraf aan te dui watter Psalms en Skrifberymings die voorganger die gemeente kan laat sing. So sou die geleentheid gebied kan word aan lidmate om deel te hê aan die opbou van die gemeente deur Psalms en Skrifberymings.

9.2.3.1.4 Die besluite van die Sinode van 1955 beklemtoon die aktiwiteit van die gemeente in lied en die Sinodebesluite van 1985 die aantal strofes en die liggaamlike ekspressie tydens die sing van

Psalms. Die Beswaarskrif wat voor die Sinode van 1994 geslaag het, verwys eksplisiet na die ongemotiveerde besluit van die Sinode van 1985 oor wissel- of beurtsang.

9.2.3.1.4.1 Reeds Dawid voer die wisselsang in waar soms priesters en Leviete mekaar afwissel en soms die volk. Die feit dat tempelkore in beurtsang met mekaar gesing het, blyk uit die wisselsangstruktuur van sommige Psalms (bv. Ps 136). Sommige Psalms is in vraag en antwoord gestruktureer (Ps 15, 24, 118). Die refrein in die Psalms was blykbaar 'n vaste liturgiese formule wat sterk in die kultiese opset gefigureer het (Ps 46, 80, 115, 118, 136). Die inhoud en bedoeling en skoonheid van die refrein kom meer tot sy reg wanneer beurtsang hier toegepas word.

9.2.3.1.4.2 Die paralellisme-struktuur van die Hebreeuse poësie het in die Sinagogale erediens wisselsang teweeggebring. Hierdie wisselsang is deur die Sinagogale erediens in die Nuwe-Testamentiese kerk ingedra, veral waar hulle Psalms gesing het. Die wonder van wisselsang loop van Eksodus 15 (die lied by die Rooisee) tot Openbaring 15 (die lied van die Lam). In Openbaring lees ons van afwisselende sang in die hemel (vgl. 4:8, 11; 5:9, 13, 14; 7:9; 11:17; 14:3; 15:3; 19:1). In die eerste eeue het die gemeentes van wisselsang gebruik gemaak, soos blyk uit die uitspraak van Plinius: "Dit is die Christene se gewoonte om ... bymekaar te kom en in Beurtsang Christus met lied te besing as God".

9.2.3.1.4.3 In die Reformasie het die beurtsangpraktyk 'n vaste plek in die Lutherse liturgiese lewe gehad. Daar is rede om te vermoed dat Calvyn dit ook in Straatsburg toegepas het. Maar dit het nie ten volle in die Calvinistiese liturgie 'n plek gekry nie.

9.2.3.1.4.4 Tans word daar in die Westerse liturgie 'n terugkeer tot die Ou- en Nuwe-Testamentiese gebruik van wisselsang in die Gereformeerde Kerke wêreldwyd ervaar. Dit hang saam met die behoefte aan 'n meer feestelike ontmoeting van die gemeente met God en die herstel van die dialogiese aard van die Christelike liturgie. Dit dra by tot die bewussyn van onderlinge meelewing in die samekoms van die gemeente, nl. dat die ontmoeting van God met die gemeente 'n ontmoeting van die gemeente onderling tot stand bring. Dit werk ook die strak rasionele benadering tot kerksang teë.

9.2.3.1.4.5 By wisselsang kan daar nie sprake wees van drama of konsert nie, want nie die musikale skoonheid is die doel nie, maar die Woord, wat so sterk kan spreek en deur die Gees in die harte van mense ingedra word. Wisselsang bly eenvoudige en hartlike gemeentesang, waarby die gemeente mekaar onderrig en versterk deur Psalms. Niemand bly dus passief nie. Die doel van wisselsang in die liturgie is nie om iets nuuts te bring nie (dit was al by die tempelkultus daar), ook nie om te eksperimenteer nie, maar omdat

die wisselsang die ontmoetingskarakter van die liturgie, veral die ontmoeting van die gemeente onderling, dien.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 9.2.3.1.

9.2.3.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit

9.2.3.2.1 Die sang van die gemeente is ‘n belangrike onderdeel van die Antwoorddiens, maar as respons van die gemeente kom dit as liturgiese handeling ook in die ander hoofmomente van die liturgiese gang voor. Sang is diensbaar aan die woorde waarmee met God in die liturgie gekommunikeer word omdat die gemeente daarin as geheel aan die woord kom. Die lied dien as ‘t ware as Formulier om in eenheid te aanbid, smeek, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

9.2.3.2.2 Waar sekere Psalms en Skrifberymings hulle daartoe leen, kan van wisselsang gebruik gemaak word. Dit word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

**Besluit:** Goedgekeur.

9.2.4 <u>Die liefdegawe of Christelike handreiking</u>

9.2.4.1 Saak waarvan die Sinode kennis kan neem

9.2.4.1.1 Die liefdegawe vorm deel van die responsoria, die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens. Met hierdie daad betuig die gemeente sy dank aan God vir die meedeling van sy genadegawes in die Woorddiens. Die Woorddiens roep die gemeente op tot die gee van sy gawes vir nood en vir die uitbreidingswerk van die Evangelie. Die ontmoeting van die genadige God, wat soveel liefde aan arme sondaars bewys het, wek by sy volk liefde, wat konkreet aan ander in Christelike handreiking betoon word.

9.2.4.1.2 Die Sinodebesluite oor die liturgiese plek van die liefdegawe word gehandhaaf (vgl. Acta 1985:419). Dit sou beter wees as in die betrokke gedeeltes eerder van "liefdegawe" as van "kollekte" en "barmhartigheidsdiens" gepraat word.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 9.2.4.1.

9.2.4.2 Saak waaroor die Sinode moet besluit

9.2.4.2.1 Die liefdegawe of Christelike handreiking vorm deel van die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens. Met hierdie daad betuig die gemeente sy dank aan God vir die meedeling van sy genadegawes op tasbare wyse. Die gemeente moet goed ingelig wees, liefs die vorige Sondag, waarvoor die gawes bestem is.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

## 10. Die wegstuur van die gemeente met die oplê van die seën van die Here

10.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*

10.1.1 Die Sinode van 1985 noem die tweede seën in die samekoms van die gemeente "die slotseën". Maar uit die priesterlike seën van Numeri 6 is dit duidelik dat die seën nie bloot dien om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar eerder die wegstuur van die volk is om 'n nuwe tydperk van genade onder die seënde hand van die Here binne te gaan. Deur hierdie seën eindig die verering van God nie, maar word die gemeente weggestuur om hierdie verering in hulle huise en werkplek voort te sit. Juis daarom lê God hierdie gawes - van genade, beskerming, verhoring van gebede, liefde, vrede - op die vergadering van gelowiges.
10.1.2 Die gemeente moet verstaan dat God met hierdie seën hulle gawes vir die lewe gee en hulle daarmee tot die aksie van diens uitstuur. Kerke moet toesien dat die gemeente op 'n gepaste manier hiertoe opgevoed word. Die dienaar wat die seën van die Here op die gemeente lê, moet af en toe in 'n kort formule soos: "Die Here stuur ons uit tot diens in ons huise en werkplek met hierdie seën" om die gemeente se aandag op die bedoeling van die seën te vestig.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 10.1.

10.2 *Saak waaroor die Sinode moet besluit*
10.2.1 Die seën van die Here aan die einde van die erediens het nie die betekenis om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar wel die wegstuur van die gemeente om onder die seënende hand van die Here tot die aksie van diens uit te gaan.
10.2.2 Dit moet liturgies in woord en gebaar duidelik wees dat die dienaar gemagtig is om die seën van die Verbondsgod, namens Hom, op die Verbondsgemeente te lê.

10.2.3 Die besluite van Sinode 1985:420 ten opsigte van hierdie liturgiese handeling bly steeds van krag.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

## 11. Liturgie vir meerdere samekomste van die gemeente

11.1 *Sake waarvan die Sinode kennis kan neem*
11.1.1 Uit al die seremonies wat in die Ou Testament op die Sabbat plaasgevind het, kan nie vasgestel word hoeveel geleenthede vir aanbidding daar spesifiek op die Sabbatdag was nie. Ook in die Nuwe Testament is daar nie voorskrifte vir die aantal samekomste van die gemeente op die Sondag nie. Daarom weerhou die Belydenisskrifte, spesifiek die Kategismus, Sondag 38 hulle daarvan om in die opsig van twee dienste op 'n Sondag voorskriftelik te wees. Die Kerkorde handel ook nie eksplisiet oor die tweede diens op die Sondag nie. Kerkorde, art.68 beklemtoon die noodsaaklikheid van Kategismusprediking en koppel dit veral aan die tweede samekoms

van die gemeente. Maar hiermee word die tweede samekoms nie voorskriftelik gemaak nie.
11.1.2 Die verklaring van die Vierde gebod in die Kategismus (Sondag 38) impliseer dat nie volstaan hoef te word met 'n minimum van samekomste nie, maar dat die gemeente selfs nog meer gereeld kan saamkom om gemeenskap met die drie-enige God te beoefen. Daarom is daar in KO, art.66 ook bepalings oor spesiaal-gerigte samekomste van die gemeente, selfs op weeksdae.
11.1.3 Die tweede samekoms is in die loop van die geskiedenis in die middae of in die aande gehou. Weens praktiese redes soos veiligheid en lang afstande wat lidmate na die kerkplek moet reis, het 'n gebruik ontstaan om die twee samekomste kort na mekaar te hou. Die herhaling van die groetseën skaars enkele minute na die wegstuurseën en die ander herhalings kort na mekaar, laat die vraag ontstaan of die tweede samekoms nie geforseer word, bloot om aan die "voorskrif" van 'n tweede samekoms te voldoen nie. Dit laat die vraag ontstaan of die "erediens" nie met 'n begin en einde staties verstaan word nie, eerder as dat dit dinamies voortgesit word in die lewens van die gelowiges.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 11.1.

11.2 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*
11.2.1 In ooreenstemming met die beginsel van KO, art.68 moet die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitgelê word. Maar indien dit nie moontlik is om 'n afsonderlike tweede samekoms te hou nie, kan die handeling ingesluit word in die liturgie van die eerste samekoms.

**Besluit:** Goedgekeur.

11.2.2 Die inrigting van meerdere samekomste op die Sondag of in die week moet die dinamiese gang van Ontmoetingsdiens, Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, Woorddiens en Antwoorddiens volg, sodat hierdie samekomste ook ontmoeting van God met die gemeente, die gemeente met God en die gemeente onderling kan wees. Dit hoef egter nie 'n eksemplaar van die eerste samekoms te wees nie en die plaaslike kerk moet dit inrig met inagneming van Kategismus, Sondag 38 en KO, art.68. Dit geld ook vir die spesiaal-gerigte dienste soos onder KO, art.66 wat om 'n eie liturgie kan vra, soos meer as een gebed deur meer as een voorganger.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

**Besluite oor die hele Rapport:**
1. Die Sinode keur dit goed dat hierdie Rapport in samehang met die Rapport en Handelinge van die Nasionale Sinode 1985 gelees moet word en dit behoort deur kerkrade bestudeer en toegepas te word.

2. Die Sinode gee opdrag aan die CJBF-Deputate om op grond van veral hierdie Rapport en die liturgiese rapport van 1985 'n publikasie te bemark waarin die studie en besluite oor die liturgie eenvoudig en logies uiteengesit word.

23.2 RAPPORT DEPUTATE VIR LITURGIESE SANG (Artt.109, 175)

A. Ds. J. Venter stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport verwys na Kommissie Liturgie II.
C. Dr. I.L. Bekker rapporteer namens die Kommissie.
**D. RAPPORT**
**1. Opdrag: Acta 1994:542, 3.3**
"Om in die lig van die Rapport van die Studiedeputate oor singbare melodieë" (Acta 1994:540) en veral 3.1 wat lui: "Die beginsels in die Acta 1955:65 en 1985:771 word weer bevestig met dien verstande dat die verwysings na "styl" (1955:65, 2(4) en na "die Reformatoriese erfenis" (1985:771, 4.6.4.4) nie die Geneefse melodieë voorskriftelik maak nie, aandag te gee aan die moeilik singbare melodieë in die Psalmboek (Psalms en Skrifberymings) en wel op die volgende wyses:
1. Maak 'n selfstandige evaluering van die singbaarheid van alle melodieë in die Psalmboek (Psalms en Skrifberymings)
2. Skakel met kerkrade om te verneem watter melodieë moeilik singbaar is
3. Doen navraag by kerkrade oor watter alternatiewe melodieë (ook buite die Psalmboek) reeds gebruik word
4. Oorweeg na bevind van sake alternatiewe melodieë aan die hand van die vasgestelde kriteria (3.1 van hierdie Rapport) en lê dit aan die volgende Sinode voor".

**Besluit:** Kennis geneem van die hele punt 1.

**2. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem**
2.1 *Werkwyse*
2.1.1 Uitvoering van opdrag 3.3.1 (Acta 1994:540) het deurlopend aandag geniet soos wat die terugvoering van die kerkrade ontvang is.
2.1.2 Opdragte 3.3.2 en 3.3.3 is gesamentlik uitgevoer deur vraelyste (kyk Bylae 1) aan kerkrade te stuur waarin hulle moes aantoon:
1. watter melodieë sonder probleme in die eredienste gesing word,
2. watter redes aangevoer word waarom 'n melodie nie gesing word nie: A = moeilik singbaar en B = singbaar maar beryming word selde gebruik.
3. watter alternatiewe melodieë reeds deur gemeentes gebruik word, C = vanuit die huidige Psalmboek en D = van buite die Psalmboek (met vermelding van bron).

2.1.3 Terugvoering
2.1.3.1 Slegs 47% van die kerkrade het op die vraelyste gereageer. Aan hierdie kerkrade die Deputate se innige dank (Bylae 2A).
2.1.3.2 Baie kerkrade het alreeds voor die vraelyste uitgestuur is, 'n selfstandige studie van die Psalm- en Skrifberymingmelodieë gedoen en sekere alternatiewe aangedui. Sommige kerke gebruik reeds 'n aanvullende selfopgestelde sangbundel naas die huidige Psalmboek (Bylae 3).
2.1.3.3 'n Aantal kerkrade het behalwe die vraelyste ook hul menings skriftelik deurgestuur (Bylae 4) waarin ook die moontlike redes vir gebrekkige sang in sommige gemeentes verstrek word. Van die kommentare is die volgende:
"Die gemeente hou maar by die klompie bekende Psalms"; "Die orrelis speel slegs op gehoor en het nog nie die nuwe melodieë geleer nie"; 'n Handjievol mense in die gemeente het 'n klein bietjie musiekkennis en hulle moet eers musiek geleer word voordat hulle die moeiliker melodieë sal kan baasraak"; "Onsingbare melodieë hang dikwels saam met 'n gebrek aan behoorlike opgeleide, bekwame, maar ook toegewyde orreliste, ook 'n gebrek aan entoesiasme by predikante en 'n gebrek aan 'n kultuur van bereidheid om bietjie moeite te doen by gemeentes"; "Party melodieë is wel singbaar maar die Psalm word selde gesing of die melodie word selde gebruik"; "Onbekende melodieë word selde gesing"; "Die belangrikste element van die melodieë is nie of dit met die inhoud korrespondeer nie, maar eerder of ons dit kan sing". (Een opmerking wou dat Ps 119 eerder op "Die Stem" se wyse gesing word, as om te sukkel met 'n Geneefse melodie.)
2.1.4 Uit die selfstandige evaluering van alle melodieë deur u Deputate (opdrag 3.3.1) is ook bevind dat sommige melodieë te hoog lê en transponering word aanbeveel. Ander melodieë se harmonisasies maak dat hulle moeilik singbaar is en behoort verander te word.
2.1.5 Die ingevulde vraelyste van kerkrade is per rekenaar verwerk. Hierin is van die hulp van br. Riaan Goede van Kemptonpark gebruik gemaak aan wie die Deputate groot dank verskuldig is (Bylae 2B).
2.1.6 Aan opdrag 3.3.4 word soos volg uitvoering gegee in die lig van die rekenaardata saam met die selfstandige evaluering van u Deputate en aan die hand van die vasgestelde kriteria.

**Besluit:** Kennis geneem van die hele punt 2.

**3. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

3.1 Die melodieë wat tans in die Psalmboek is, word nie vervang nie.
3.2 Waar alternatiewe benodig word en in die Psalmboek self voorkom, word slegs na sodanige melodieë verwys in 'n volgende uitgawe van die Psalmboek.

3.3 Waar alternatiewe melodieë van buite die Psalmboek aanbeveel word, of transponerings voorgestel word, moet hierdie melodieë in 'n volgende Psalmboek-uitgawe volledig gedruk word, maar dan net die eerste keer. Verder aan word weer net na die betrokke alternatief of transponering verwys indien hulle weer gebruik word.

**Besluit:** Punte 3.1 tot 3.3 word goedgekeur.

3.4 Ter illustrasie van harmonisasiewysiging en/of transponering le u Deputate Ps 38 aan u voor. Ook Skrifberyming 16.2 (een toon laer getransponeer) en die melodie van Ges 133 as alternatief vir Ps 130 word voorgelê sodat hierdie vergadering bogemelde drie liedere kan sing (moontlik met die dagopenings of aandsluitings) (Bylae 5).

**Besluit:** Kennis geneem.

3.5 Vir 'n aantal moeilik singbare melodieë kon u Deputate geen alternatiewe vind nie, nie plaaslik nie en ook nie in geraadpleegde Sweedse, Nederlandse, Engelse, Duitse en Franse koraalboeke nie. Die volgende melodieë val in hierdie kategorie: Psalms 17, 39, 44, 52, 55, 56, 57, 58, 109, 120, 129, 141. Skrifberymings 17, 20 en 35.

**Besluit:** Kennis geneem van pt.3.5.

**4. Aanbevelings**

4.1 *Daar word weer Deputate benoem met die volgende opdragte:*

4.1.1 Die Sinode wys 'n kundige persoon (moontlik mnr. Hans Babst) aan, met die versoek om die volgende melodieë se harmonisasies soos tans in die koraalboek te verander ter verbetering van die gemeentesang: Ps 38, 49, 54, 60, 74 en 87. Die Deputate moet hierdie werk vir die volgende Sinode gereed hê (2000).

4.1.2 Versoek bogenoemde kundige persoon om melodieë wat hoog lê, laer te transponeer: Ps 38, 103, 106 (hele toon laer), 143. Skrifberyming 6, 14, 16.2. Ook hierdie werk moet gereed wees vir die volgende Sinode (2000).

4.1.3 Soek en versoek komponiste om alternatiewe vir melodieë in 3.5 genoem, te komponeer betyds vir die Agenda van Sinode 2000.

**Besluit:** Punte 4.1.1 tot 4.1.3 word goedgekeur.

4.1.4 ‘n Lys van alternatiewe melodieë vir gebruik in kerke moet so gou moontlik in ‘n meer bevatlike en vereenvoudigde formaat (afkortings, liefs uitgeskryf) aan al die kerke gestuur word vir gebruik.

**Besluit:** Goedgekeur.

4.2 Beveel die volgende lys van melodieë aan vir gebruik in die kerke:

Lys van afkortings hieronder gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| & | = | goedgekeur sonder alternatief of wysiging |
| V | = | verwys na ander melodie in Psalmboek |
| A | = | alternatief van buite ons Psalmboek |

T = transponeer
H = harmonisasie verander.

Ps 1 tot 9.2 (&)
10 V Ps 93, Ps 145 A, Ges 279
11 V Ps 110, A ou melodie koraalboek 1946
12 V Ps 112
13 (&)
14 A Ges 165, V Ps 104
15 (&)
16.1 (T)
16.2 (&)
17 A =soek
18.1 tot 19 (&)
20 A Ges 177
21 tot 25 (&)
26 A 1937 melodie 77
27 (&)
28 V Ps 134, Ps 45
29 tot 34.2 (&)
35 V Ps 73
36 (&)
37 V Ps 45
38 T na 'n derde laer H
39 A = soek
40.1 T en 40.2 tot 43 (&)
44 A = soek
45 tot 48 (&)
49 (H)
50 A = Ges 146
51 (&)
52 A = soek
53 A = Ges 165 V Ps 104
54 (H)
55 A = soek
56 A = soek
57 A = soek
58 A = soek
59.1 (&)
59.2 (&)
60 (H)
61 V Ps 38
62 (&)
63 A ou melodie, laaste vers 2de helfte van melodie
64 V Ps 14
65 tot 69 (&)
70 A = ou melodie 1946 koraalboek
71 tot 73 (&)

Ps 76 V Ps 139
77 (&)
78 (&)
79 V Ps 93, Ps 45, A Ges 279
80 tot 84 (&)
85 V Ps 2, Ps 144
86 (&)
87 (H)
88 V Sb 5
89 tot 92.1 (&)
92.2 Plaas rustekens na 2, 3, 6, en 7e reëls
93 V Ps 145 (Bly by my Heer se gebeds-karakter pas nie).
94 tot 102 (&)
103 T hele toon laer
104 (&)
105 (&)
106 T hele toon laer
107 (&)
108 V Ps 147
109 A = soek
110 V Ps 11
111 (&)
112 V Sb 5
113 V Ps 24
114 A Ges 37
115 tot 118 (&)
119 V ou melodie
120 A = soek
121 tot 125 (&)
126 A = FAK 374
127 tot 128 (&)
129 A = soek
130 A = Ges 133
131 V Ps 134
132 A = Psalter Hymnal 176 (Die alternatief: St Annes-William Croft)
133 tot 136 (&)
137 A Ges 34
138 tot 139 (&)
140 V Ps 45
141 A = soek
142 A = Ps. 134
143 A = soek of T heel

74 (H) - soos vroeër
75 (&)
toon laer
144 V Ps 2 en Ps 85
145 (&)
146 - 150 (&)

**SKRIFBERYMINGS**

1 TOT 4 (&)
5 A = ou melodie
6 (&)
7 V Ps 18.1
8 tot 10 (&)
11 Verwys Ps 10 en Ps 93
12 V Ps 18
13 V Ps 37 en Ps 100
14 (&)
15 V Sb 16
16.2 T 2de melodie 1 toon af
17 A = soek
18 V Ps 100, Ps 134
19 V Ps 93
20 A = soek
21 V Ps 50
22 (&)
23 V Ps 50
24 (&)
25 v Ps 134
26 tot 28 (&)
29 V Ps 149
30 tot 31 (&)
32 V Ps 147
33 tot 34 (&)
35 A = soek
36 (&)
37 V Ps 147
38 V Ps 18
39 V Sb 41
40 V Sb 41
41 V Ps 104
42 V Ps 50
43 (&)
44 V Sb 43
45.1 (&)
45.2 (&)
46 tot 50 (&)

**Besluit:** Goedgekeur.

23.3 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE INSAKE NUWE SKRIFBERYMINGS EN INSAKE PSALMBERYMINGS (Artt.110, 238)

A. Dr. A.G.S. Venter stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgie II.
C. Ds. J.L. du Plooy rapporteer namens die Kommissie.

**D. RAPPORT**

**1. Opdrag**

Die opdragte is vervat in die Acta 1994:539 en 553.
Hierdie opdragte behels twee sake:
- Die vind en beoordeling van nuwe Skrifberymings
- Die samewerking met die Ned. Geref. en Ned. Herv. Kerke met nuwe Psalmberyming.

**Besluit:** Kennis geneem.

**2. Vind en beoordeling van nuwe Skrifberymings**

2.1 *Die Sinode neem kennis*

Twee weë is gevolg om nuwe Skrifberymings te identifiseer: In die kerkverband is versoeke gerig dat Skrifberymings voorgelê kan word en tweedens is bestaande liedere (Gesange) nagegaan.

2.1.1 Versoeke binne die kerkverband

2.1.1.1 Versoeke gerig

'n Brief is aan alle kerkrade gerig (gedateer 27 Julie 1994) met die versoek om dit onder lidmate se aandag te bring dat Skrifberyminge ingedien kan word vir oorweging deur die Deputate. Die Riglyne vir die beoordeling van Skrifberyminge, soos deur die Sinode 1994 goedgekeur is, ook in die brief uiteengesit (vgl. Opdrag 1994:539, 4.1, 4.2).

'n Artikel, met dieselfde strekking, het in *Die Kerkblad* van 5 Oktober 1994 verskyn.

2.1.1.2 Reaksie uit die kerkverband

2.1.1.2.1 Algemene kommentaar

Algemene opmerkings oor die vereistes waaraan Skrifberymings moet beantwoord en 'n navraag oor wat met "gebedsliedere" bedoel word, is ontvang. Oor hierdie skrywes is volstaan deur te verwys na die Riglyne soos goedgekeur deur die Sinode 1994.

Sommige skrywes het verwys na reeds bestaande liedere in die Gesangebundel en in die Jeugsangbundel wat op bepaalde Skrifgedeeltes gegrond is en wat by die Ned. Geref. en Ned. Herv. Kerke in gebruik is. Oor hierdie skrywes word volstaan deur daarop te wys dat die Deputate al hierdie liedere nagegaan het en dat die kriteria van die Sinode 1994 toegepas word in die beoordeling van die betrokke liedere. 'n Behandeling van die bestaande Gesange volg hieronder.

Sommige skrywes het verwys na Skrifgedeeltes wat moontlik berym kan word. Skrifgedeeltes wat genoem is, is Num 21:17; Deut 32; Rigt 5; 1 Sam 2; 2 Kon 19; Jes 26:1-21; Esra 9; Neh 9; Dan 9; Op 5:9; 15:3. Hierdie Skrifgedeeltes, en dalk nog meer, kan deur te benoeme Deputate na begaafde digters verwys word om berymings hiervan te oorweeg.

2.1.1.3 Berymings ontvang en beoordeel

2.1.1.3.1 Die berymings van P.D. van der Walt (Matt 4:1-11; 14:22-32; 28:16-20) en Sagrijs Venter (Jes 5:1-7) (vgl. Handelinge 1991:575; 1994:539, 4.4) word soos volg beoordeel: Die berymings is hoogs verdienstelik, maar die berymings van Van der Walt is verhalende gedeeltes en nie geskik vir liturgiese gebruik nie en die beryming van Venter is woorde van God self waar Hy sy wraak en oordeel oor die volk verwoord en wat dus nie vir liturgiese gebruik geskik is nie (ongepubliseerde Bylae).

2.1.1.3.2 Berymings is van P.J. Krüger van Delmas ontvang. Die Deputate het geoordeel dat hierdie berymings nie aan die kriteria van Skrifberyminge beantwoord nie omdat die Skrifteks nie getrou

gevolg word nie en dat op 'n vrye manier byvoegings gemaak word wat nie in die oorspronklike teks staan nie (ongepubliseerde Bylae).
2.1.1.3.3 Berymings is van J.P. Bingle ontvang (Jes 43:1-7; Ef 6:10-17) en beoordeel. Hoewel Jes 43:1-7 woorde van God is, oordeel die Deputate dat hierdie gedeelte liturgies wel bruikbaar is omdat die volk van God hier met troosvolle woorde deur God aangespreek word en dit woorde is wat deur die volk bely kan word (vgl. Psalm 81:7-15; 89:4, 5). Die berymings van ds. Bingle word as **Bylae 1** by hierdie Rapport aangeheg is en daar word aanbeveel dat hierdie twee berymings wel as Skrifberymings goedgekeur word.
2.1.1.3.4 Ritmisering is van A. Verhoef ontvang (as voorbeeld word as **Bylae 2** hierby 'n ritmisering van die eerste deel van Jes 55 aangeheg). Onder ritmiserings word verstaan: 'n woordelikse omsetting van die betrokke Skrifgedeelte uit die Afrikaanse Bybelvertaling in prosavorm en sonder rym. In hierdie geval is die melodie volgens 'n bestaande, bekende Psalmmelodie. Die Deputate het die beoordeling van hierdie ritmiserings na 'n aantal kundiges verwys. Hulle het 'n verslag ingedien waarvolgens bevind is dat ritmiserings nie verkieslik is nie, maar wel onder sekere voorwaardes aanvaarbaar is (ongepubliseerde Bylae). Die Deputate het geoordeel dat hier 'n wesenlike verandering is in wat normaalweg onder 'n Skrifberyming verstaan word. Daarom moet die oordeel van die Sinode oor die wenslikheid en aanvaarbaarheid van ritmisering verkry word voordat voortgegaan word om met persone hieroor te onderhandel..
2.1.2 <u>Nagaan en beoordeling van bestaande liedere</u>
Uit die Gesange in die Gesangebundel van die Ned. Geref en Ned. Herv. Kerke bring die Deputate die volgende onder die Sinode se aandag:
Die bevindinge van die Deputate van Sinode 1991 oor Gesange 97, 266 en 280 (Handelinge 1991:575, 576, 3.4.1, 3.4.2, 3.4.3) word onderskryf dat hierdie Gesange nie as Skrifberymings opgeneem word nie.
Volgens die Handelinge 1994:539, 4.4 moet Gesange 77 (Jes 9:1-6), 177 (Op 21:1-7), 241 (Eks 20), 248 (Jes 55:1-6), 257 (Matt 5:3-12) en 276 (1 Kor 13:1-8) nog inhoudelik beoordeel word. Geen ander Gesang is gevind wat oorweeg word vir opname as Skrifberyming nie.
In die behandeling van Gesange 77, 177, 241, 257 en 276 is daar telkens 'n Minderheids- en Meerderheidsverslag. Die Sinode sal oor die gewigtigheid van die argumente moet oordeel. Hierdie beoordeling moet geskied volgens die Beginsels en Riglyne vir die keuring van Skrifberyminge vir die erediens (Handelinge 1994:527-539).

Die Minderheidsverslag (ds. A.S. Smit) word telkens eerste geplaas, omdat die Meerderheidsverslag soms 'n reaksie op die Minderheidsverslag stel.

2.1.2.1 Gesang 77 (Jesaja 9:1-6)
(Melodie J.G. Bastians 1812-1875)
2.1.2.1.1 Minderheidsverslag oor Gesang 77

Strofe 1:
Die Kind wie se geboorte profeties voorsê word, word met die Nuwe-Testamentiese ampsnaam "Christus" benoem. Dit is 'n visie vanuit die Nuwe Testament en kom nie uit die teks nie. Gereformeerdes het nooit met die beryming van Ou-Testamentiese gedeeltes, soos die Psalms e.a., direk die ampsaanduiding "Christus" in die berymings ingebring nie. Dit is waar dat die Skrifgedeelte self wel baie sterk uitstyg as 'n Messiaanse profesie. Ridderbos sê in Korte Verklaring oor Jesaja dat hierdie Kind "rechtstreeks moet bedoelen den grooten Koning der toekomst", maar dan moet ons onthou dat dit in Jesaja 9 nog 'n vergesig is. Ridderbos sê daarvan: "... die **later** (ons beklemtoning) in speciale zin *de* Messias (Gezalfde) word genoemd". Ons moet hier oppas om nie vooruit te gryp na wat God in die toekoms sou openbaar nie.
Dit is 'n ernstige vraag waarom in strofe 1 gepraat word van "die volk" en dan word in strofe 2, wat die subjek betref, gespring na "ons". Dit maak die opset van die beryming onduidelik. Weer is dit die realisering van die toekomsvisie wat in die teks ingeskrywe word. Dit is inderdaad so dat die "volk" van die Ou Verbond kan verwys na die "volk van God" in die Nuwe Verbond, of selfs van ons tyd, maar dan moet dit nie in die teks ingelê word nie, maar wat in die eksegetiese sin uit die teks uitkom, moet duidelik gemaak word. In die teks self word van Jes 9:1-4 konsekwent van "die volk" en van "hulle" gepraat.

Strofe 2:
Die baie sterk profetiese verkondiging van die Messiaanse heil: "Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, dien tot verbranding, 'n prooi van vuur", is nie in die Gesang verdiskonteer nie. Die woorde in strofe 2: "die vyande ... verdwyn", vertolk nie die hele waarheid nie. Dit is nie die "vyande" wat verdwyn nie, maar die "vyandskap". Vyande sal ook met mekaar versoen word (Matt 5:21-26, 44; 2 Kor 5:11-21; kyk ook Jes 2:4; Miga 4:3; Ps 46:9, 10).

Strofe 3:
In strofe 3 is dit nie duidelik waarna die "dit" in die sewende vers verwys nie: "...met ywer sal Hy dit bevestig". Verwys dit na

"vermeerder Hy sy heerskappy" (vss 3, 4) of na "vrede sonder einde deur geregtigheid" (Vss. 5, 6)? Hierdie onduidelikheid bederf die hele strofe. In die teks self word verwys na die "vermeerdering van die heerskappy". Dit kom nie in die beryming voor nie.
Die verbondsbelofte aan Dawid is nie in strofe 3 verdiskonteer nie, nl. die woorde in Jes 9:6: "...tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde op die troon van Dawid..." (2 Sam 7:13; Luk 1:32). Dit is heeltemal geïgnoreer.
In die laaste vers van strofe 3 word die differensiasie tussen die "Kind" en "die Here van die leërskare" nie duidelik aangetoon nie. Die perikoop Jes 9:1-6 sluit af met die woorde: "Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen". Dit is duidelik dat die hele profesie in die verse hier bedoel word. Maar die Gesang skrywe dit aan die "Seun" se optrede toe. Na 'n aandagstreep in verband met die heerskappy en vrede (wat reeds onduidelik is), sê die Gesang: "...met ywer sal Hy dit bevestig van nou af tot in ewigheid". Nou weet ons wel later duidelik dat die Vader en die Seun **een** is; maar in die profesie word die ywer van die Here genoem met die oog op die vervulling van die profesie wat in die Kind sal plaasvind. Dit is 'n baie groter perspektief wat geteken word as net dat "die ywer van die Vredevors sy heerskappy sal bevestig".
**Aanbeveling:** Gesang 77 word nie as Skrifberyming aanvaar nie.

2.1.2.1.2 Meerderheidsverslag oor Gesang 77

Strofe 1:
Die feit dat Christus by name genoem word, is aanvaarbaar vanuit die openbarings-historiese perspektief dat dit hier ongetwyfeld profeties oor Jesus Christus handel. Die feit dat die woorde "Kind" en "Seun" in Jes 9:5 in die 1953-vertaling met hoofletters geskryf is, bevestig die verwysing na Christus. In Psalm 2:6 (berym) word "Seun" ook met 'n hoofletter geskryf, soos ook in die 1953-vertaling van Ps 2:12. Om dus na Christus te verwys met die gebruik van 'n hoofletter of om sy Naam te noem is wesenlik dieselfde.
Die feit dat in strofe 1 van "hulle" sprake is en in strofe 2 van "ons" is nie vreemd nie, aangesien Jes 2:5 duidelik "ons" aan die orde stel met die woorde: "'n Kind is aan ons gegee". Die naasmekaarstelling van "hulle" en "ons" in Jes 9 word in die beryming pertinent gestel en selfs beklemtoon deur die twee newestellende verse 5 en 6 in strofe 2:
"'n Kind is vir u volk gebore, (= hulle)
'n Seun het U aan ons gegee -" (= ons).
Dat "hulle" en "ons" in 'n beryming soms alternatiewelik gebruik word, blyk uit die huidige bestaande Psalmberyming, bv. in die volgende gevalle:
Ps 28:8 (1953): "Die HERE is 'n sterkte vir hulle..."

Ps 28:8 (berym): "U is ons sterkte en teëweer..."
en
Ps 51:21 (1953): "...dan sal hulle stiere offer..."
Ps 51:8 (berym): "dan sal ons hand die regte offers vind".

Strofe 2:
Die begrippe "soldaatskoene" en "kleed in bloed gerol" word wel nie by name in die beryming genoem nie. Maar die saak waarom dit in hierdie vers gaan, word wel in die beryming gevind in die woorde: "Die vyande wat ons verskrik het", wat dui op die soldateskoen en uniform ("kleed in bloed gerol") en "verdwyn wanneer u almag spreek" wat dui op die begrippe "verbrand" en "verteer" ("prooi van vuur") in Jes 9:4. Aangesien dit 'n beryming is, word "vyand" en "vyandskap" hier sinoniem gebruik en daarmee word die versoening tussen vyande nie uitgesluit nie.

Strofe 3:
Die woord "dit" in die beryming se strofe 3, vers 7, ("... met ywer sal Hy dit bevestig") kan, blykens die verband van vers 7 binne die hele strofe 3, so verklaar word dat dit logies al die vorige dade van die "Vredevors" insluit. Dieselfde is logies af te lei uit die 1953-vertaling van Jes 9:6 waar "om dit te bevestig en dit te versterk" dui op die "vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde". In die beryming is hierdie selfde verband wel aan die orde.
Die woorde in die beryming "...sy heerskappy as Vredevors" (strofe 3, vers 4) kan so opgeneem word dat dit die saak van die heerskappy "op die troon van Dawid en oor sy koninkryk" (Jes 9:6) insluit. Die gedagte van heerskappy is dus wel in die beryming geformuleer sonder om die troon van Dawid by name te noem.
Die twee laaste verse van strofe 3 verbind die "ywer" aan die "Vredevors" en nie aan die "HERE van die leërskare" nie. Dit is 'n leemte dat die HERE nie hier aan die einde by name genoem word nie. Nogtans blyk dit uit die hele beryming dat dit God is wat hier aan die werk is, soos blyk uit strofe 2, vers 6 en 8: "'n Seun het U aan ons gegee"/"met mag en eer is Hy beklee". Die beryming stel dit wel dat dit die Here is wat hierdie profesie in vervulling laat gaan. Die feit dat hierdie feit nie in die laaste strofe by name genoem word nie, hoewel vroeër wel aan die orde is, dra nie soveel gewig dat beweer kan word dat hierdie beryming nie dit berym wat in Jes 9:1-6 staan nie.
**Bevinding:** Hierdie beryming is Skriftuurlik, dogmaties en liturgies aanvaarbaar om as Skrifberyming goedgekeur te word.
**Aanbeveling:** Gesang 77 word wel as Skrifberyming goedgekeur.

2.1.2.2 Gesang 177 (Op 21:1-7)

(Melodie: Criemond 1690)
Daar word op gewys dat Skrifberyming 23 reeds 'n beryming van Op 21:1-4 is.

2.1.2.2.1 Minderheidsverslag oor Gesang 177
Die weglating van die woorde: "...die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan...", verswak die gedagte van die wedergeboorte van die ganse skepping (Matt 19:28).
Op 21:3 is nie pertinent berym nie. Dit word saamgebondel in die woorde: God self kom by ons bly. In vers 3 word egter twee belangrike eindpunte of konklusies van die heilsgeskiedenis saamgevat:
(1) God kom tabernakel by die syne. In Lev 26:11, 12 gee God die belofte dat Hy by sy volk sal kom tabernakel, en hulle sal sy volk wees en Hy hulle God. Maar deur die lang geskiedenis van ontrou het dit nooit regte verwerklik nie. En nou dat dit alles nuut geword het, nou kom tabernakel God by sy verloste en gereinigde volk. Dit word in die Gesang veronderstel, nie pertinent gesê nie, in "God self kom by ons bly".
(2) Volgens die meeste Griekse tekste word die woorde "en hulle sal sy volk wees" in die meervoud gestel: "Hulle sal sy volke wees". Vir volke word die Griekse woord "laoi" gebruik. "Laos" is die woord wat by uitstek vir die geheiligde Godsvolk gebruik word. Hier is dan 'n vervulling van die opdrag in Matt 28:19: "Gaan dan heen..." Dit is dan nie maar "ethnê", volke na hulle wêreldse aard nie, maar as die goddelose veroordeel is en die droë takke uitgesnoei is, is dit die geheiligde volke by wie Hy bly (vgl. Op 21:24 en 26). Maar hierdie vervulling van die werk van die Gees deur die kerk word nie in die Gesang in ag geneem nie.
Verder ontbreek in die beryming van die Gesang die woorde uit verse 5b en 6a en b. Dit bly nog altyd die eis dat die Skrif so volledig as moontlik berym moet word.
**Bevinding:** Oor bogenoemde gebreke beveel ek aan dat die Gesang nie as 'n Skrifberyming opgeneem word nie.

2.1.2.2.2 Meerderheidsverslag oor Gesang 177

Strofe 1:
Die weglating van "die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan" is binne die konteks van die strofe wel opgeneem in die woorde "nuwe hemel" en "nuwe aarde" en "die see en al wat skei, verdwyn".

Strofe 2:
'n Goeie beryming van Op 21:2.

Strofe 3:
Op 21:3 is nie afsonderlik berym nie. Die kerngedagte in 21:3, dat God by sy volk is (wat in Op 21:3 drie maal genoem word), word baie prominent en reeds in die eerste strofe se laaste vers geformuleer in 'n baie sterk stelling: "God self kom by ons bly".
Dit is 'n leemte dat die "tabernakel"-gedagte nie in die beryming aan die orde kom nie, aangesien die tabernakel 'n sterk openbarings-historiese betekenis dra vanuit God se teenwoordigheid by die Ou-Testamentiese verbondsvolk in hulle trek deur die woestyn. Hiermee saam is die begrip "en hulle sal sy volk wees" nie berym nie, wat ook 'n leemte is, aangesien 21:3 nie net God se teenwoordigheid verwoord nie maar ook sy verbondsverbintenis met sy volk beskryf.
Die woorde "God self kom by ons bly" kan wel die implikasie hê dat dit net die verbondsvolk van God is wat kan bely dat God by "ons" kom bly en dat die gebruik van "ons" hier juis hierdie openbarings-historiese lyn deurtrek na hulle ("ons") by wie die tabernakel van God in die Godsvolk se moeilike omstandighede is.

Strofe 3:
Is 'n goeie beryming van Op 21:4.

Strofe 4:
Op 21:5, 6, 7 word hier berym met weglating van die laaste deel van 21:5 en die eerste deel van 21:6. Die laaste twee verse gee die laaste gedeelte van 21:7 weer. Dit kan 'n punt van kritiek wees, maar die Skrif word dikwels so gebruik en verklaar dat gedagtes uit verskillende verse saamgebundel word om 'n eenheidsgedagte te beklemtoon. Dit is wat hier gebeur en is aanvaarbaar omdat hiermee nie aan die wese van die inhoud van Op 21:1-7 verander word nie.

Strofe 5:
Hierdie strofe begin met die eerste deel van 21:7 en gaan voort met die laaste deel van 21:6. Die betekenis van die betrokke Skrifgedeelte kom steeds tot sy reg.
**Bevinding:** Ten spyte van bogenoemde punte van kritiek meen die meerderheid van die Deputate dat daar geen deurslaggewende eksegetiese, dogmatiese of liturgiese beswaar teen hierdie beryming is nie.
**Aanbeveling:** Gesang 177 word as Skrifberyming goedgekeur as 'n alternatiewe beryming naas Skrifberyming 23 (Op 21:1-4).

2.1.2.3 Gesang 241 (Eksodus 20)
(Melodie A.C. van Velden 1866-1919)
Daar word op gewys dat Skrifberyming 26 reeds 'n beryming van Eks 20 is.
2.1.2.3.1 Minderheidsverslag oor Gesang 241

Strofe 1:
Die uitdrukking "sondeslawerny" is 'n liturgiese aanpassing om dit vir die kerk van vandag geskik te maak, en is nie beryming van die oorspronklike nie. Sulke aanpassings lê meer in die aard van gesange, en is nie Skrifberymings nie.

Strofe 2:
Hierin ontbreek die belangrike waarskuwing en seënspreuk wat gewoonlik die verbondswraak en verbondseën genoem word, nl. "Ek sal die sondes van die vaders besoek aan die kinders... ens.". Veral in ons tyd bly die waarskuwing van die verbondswraak nog steeds belangrik; en bly die seën 'n verkwikking van die gelowige.

Strofe 3:
Hier is die woorde in die laaste vers "die wat Hom liefhet, word behou", 'n invoeging wat nie uit die derde gebod kom nie.

Strofe 5:
In strofe 5 is die woord "owerhede" 'n afleiding uit ons Belydenisskrifte, wat moontlik aanvaarbaar kan wees.
Net so is in strofes 6 en 7 aanvullings wat seker as aanvaarbaar beoordeel kan word.

Strofe 8:
Strofe 8 skuiwe die aksent van die begeerte self uit na die NT-bekende "hart" (Matt 15:19). Dit is eweneens 'n verwerking en nie 'n beryming nie. In vergelyking met die Totius-beryming is dit seker aanvaarbaar, maar daar moet met verantwoording oor besluit word!

Strofe 9:
Strofe 9 is, soos Skrifberyming 26:11, 'n skuldbelydenis. Die vraag is net of ons in die laaste vers moet sê: "U Gees bring ons die heil in Christus..." of moet dit eerder wees: "...skenk ons..."?
**Beoordeling:** Ons het in Skrifberyming 26 'n meer volledige en stewiger beryming van die Tien Gebooie as hierdie Gesang.

2.1.2.3.2 Meerderheidsverslag oor Gesang 241
In die geheel word hierdie beryming as geslaag en getrou aan die Skrifgedeelte beskou. Die volgende opmerkings word wel gemaak:
In strofe 2 ontbreek die verbondswraak en verbondseën van Eks 20:5, 6. Die wesenlike van die Tweede gebod word wel weergegee.
In strofe 9 word die Nuwe-Testamentiese gelowige se reaksie op die Wet verwoord (soos in SB 26:11) in die kennis van ellende, van verlossing en van dankbaarheid, ooreenkomstig die drie dele van die Heidelbergse Kategismus.

**Bevinding:** Ten spyte van bogenoemde opmerkings meen die meerderheid van die Deputate dat daar geen eksegetiese, dogmatiese of liturgiese beswaar teen hierdie beryming is nie.
**Aanbeveling:** Gesang 241 word as alternatiewe beryming naas Skrifberyming 26 goedgekeur.

2.1.2.4 Gesang 248 (Jesaja 55:1-6)
Die feit dat Jes 55:3, 4, 5 nie berym is nie, laat 'n wesenlike leemte in hierdie beryming, aangesien dit in hierdie verse oor die verbond handel (55:3) wat die wesenlike begronding gee op grond waarvan God die volk uitnooi (55:1) en vir hulle te vinde is (55:6). Jes 55:1 se uitnodiging tot die volk is nie net op die volk self gerig nie, maar is kragtens 55:4, 5 ook bedoel as 'n getuienis vir die volke - en dit alles om God se eer (55:6). Hierdie begronding is wesenlik en moet in 'n beryming van hierdie Skrifgedeelte voorkom.
**Bevinding:** Wesenlike aspekte van die betrokke Skrifgedeelte ontbreek in Gesang 248.
**Aanbeveling:** Gesang 248 word nie as Skrifberyming goedgekeur nie.

2.1.2.5 Gesang 257 (Matteus 5:3-12)
(Melodie: J.C. Bach 1735-1782)
Daar word op gewys dat Skrifberyming 16 reeds 'n beryming van Matt 5:3-12 is.

2.1.2.5.1 Minderheidsverslag oor Gesang 257

Strofe 1:
Die woorde "arm voor God" beeld 'n berouvolle **gesindheid** uit, terwyl die woord wat in Matt 5 gebruik word, nl. "ptôchoi pneumati" op 'n **toestand** wys. Die woord "ptôchos" dui 'n **toestand van verdorwenheid** aan (vgl. Matt 11:5). "Arm voor God" gee 'n heeltemal ander indruk weer as wat die Skrif weergee.
Die woord "salig", wat in Matt 5 herhaalde kere as 'n toesegging van die Verlosser herhaal word, word in die Gesang net een maal gebruik, of dalk veronderstel. Dit verswak die hele sin en inhoud van die lied. Vergelyk dit met Sb 16 wat dit baie kragtiger stel.
"Saggeaardes" is iets anders as "sagmoediges". Die digter kan sonder musikale skade die woord "sagmoediges" gebruik het. Die Griekse woord "praos" is hoe selfs 'n baie sterk mens "gentle" teenoor ander optree. Vergelyk Christus self, Dié Mens, wat in Matt 11:29 sê: "Ek is **sagmoedig** en nederig van hart".

Strofe 2:
Verse 3 en 4 beskryf net dat die barmhartigheid gelewer word, en nie dat dit deur die gewer ook ontvang word nie. Weliswaar vertolk dit

'n blye gemeenskap tussen hulle wat barmhartigheid bewys. Maar dit wys net na 'n gesindheid en vertolk nie die **daad** wat in Matt 5 beklemtoon word nie.

Strofe 3:
Die woorde "om My ontwil" in Matt 5:11 handel om Christus se ontwil, en nie "om Gods eer", soos in die beryming nie. Dit gaan om die erkenning van Christus se werk, verkondiging van Hom en diens aan Hom in die wêreld, juis ook teen die agtergrond van wat met die profete gebeur het. As net gesê word "tot Gods eer" (wat wel ook waar is) kom hierdie aspek hier nie duidelik na vore nie. Daarom is dit nie hier aanvaarbaar nie.
**Bevinding:** Teenoor die beryming wat ons het, en wat veel meer die Skrif getrou volg, is hierdie beryming nie aanvaarbaar nie.

2.1.2.5.2 Meerderheidsverslag oor Gesang 257

Strofe 1:
Die woorde "salig die wat arm voor God is" verwoord die feit dat die "armes van gees" se "arm" posisie voor God beskryf word.
Die woord "salig" word net een keer gebruik, nl. as die eerste woord van hierdie beryming. Die begrip "salig" kom soms wel voor in die woord "gelukkig". Die toesegging van God se kant kom telkens implisiet voor met elke saligspreking, hoewel dit soms geformuleer word asof dit 'n reeds bestaande feit is en nie 'n toesegging nie (bv. strofe 1 verse 5, 6). Die saak van dit wat God aan die gelowige gee, word telkens wel geformuleer. Daarom word hierdie kritiekpunt wel gestel, maar word dit nie as 'n deurslaggewende beswaar gesien nie.

Strofe 2:
In strofe 2, verse 3, 4 word net beskryf dat die barmhartigheid gelewer word en nie dat dit ontvang word nie. Die "deel in blydskap onderling" verwoord waarskynlik implisiet hierdie aspek.

Strofe 3:
Die woorde "om My ontwil" in Matt 5:11 handel om Christus se ontwil en nie "om Gods eer" soos in die beryming nie. Hierdie probleem is waarskynlik nie wesenlik nie, omdat "God se eer" ook Christus se eer insluit.
**Bevinding:** Die groot waarde van hierdie beryming is dat dit liturgies baie bruikbaar is omdat dit drie strofes bevat wat gemaklik al drie gesing kan word. Verder is daar eksegeties en dogmaties geen beswaar teen die beryming nie. Dit is duidelik dat alle aspekte en die volle draagwydte van elke saligspreking nie ten volle in 'n beryming vasgelê kan word nie, maar dat die wesenlike daarvan wel berym moet wees.

**Aanbeveling:** Gesang 257 word as alternatiewe beryming naas Skrifberyming 16 goedgekeur.

2.1.2.6 Gesang 276 (1 Kor 13:1-8)
(Melodie: Straatsburg)
Daar word op gewys dat Skrifberyming 21 reeds 'n beryming van 1 Kor 13:1-8 is.

2.1.2.6.1 Minderheidsverslag oor Gesang 276

Strofe 1:
Die liefde in vers 3 genoem: "U liefde Heer" word hier voorgestel as 'n "ontleende" liefde. Dit kan nie wees nie. Die liefde is 'n gawe aan die gelowige mens deur die vernuwende werk van die Gees (vgl. 1 Kor 13:1). Dit word ook so in die elfde vers gestel. "Agapé" is tog 'n gawe en vermoë wat aan die herskape mens gegee is (Dordtse LR, 3 en 4:11, 12, ens.). Ons Belydenis sien ons gawes nie as "ontleende" gawes nie. Weliswaar word in Rom 5:5 gesê dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees. Maar nêrens word die werk van die Heilige Gees as iets "ekstra" aan ons voorgestel nie, maar dit is altyd herskepping van ons verdorwe natuur. Selfs as in Ef 3:19 gesê word dat die gelowige vervul word met al die volheid van God, beteken dit nie dat ons godjies word nie, maar dat die kennis van God ons so vervul dat sy beeld in ons herlewe, en ons so vernuut word na die beeld van God (vgl. ook Ef 4:24).

Strofe 2:
Waar in strofe 2 in verse 11, 12 'n bede buite die Skrif bygevoeg word, word die karakter van 'n Skrifberyming, wat die Woord moet berym, verander. Dan word dit inderdaad 'n gesang. Dit is dan 'n skriftuurlike lied in plaas van 'n Skriflied.
**Bevinding:** Die Sinode moet self oordeel of hierdie Gesang aanvaarbaar is.

2.1.2.6.2 Meerderheidsverslag oor Gesang 276
Hierdie beryming word as 'n Skrifgetroue beryming beskou. Die laaste twee verse van strofe 2 is nie in 1 Kor 13 nie, maar verwoord implisiet die bedoeling van 1 Kor 13.
**Bevinding:** Daar is geen eksegetiese of dogmatiese beswaar teen hierdie beryming nie. Dit is liturgies goed bruikbaar omdat dit slegs twee strofes is wat gemaklik as 'n eenheid gesing kan word.
**Aanbeveling:** Gesang 276 word as alternatiewe beryming naas Skrifberyming 21 goedgekeur.

**Besluit:** Kennis geneem van die hele punt 2.1 (sien verder besluite oor spesifieke Gesange hieronder - Deputate Handelinge).

2.2 *Die Sinode besluit*
In die lig van die voorafgaande beveel u Deputate aan:
2.2.1 Die Sinode besluit oor die opname al dan nie van onderskeidelik Gesange 77, 177, 241, 248, 257 en 276.

**Besluit:** Die Sinode keur die volgende Gesange as Skrifberymings goed: Gesang 77, 177, 241, 257 en 276. Gesang 248 word nie goedgekeur nie.

Motivering: Vergelyk die Meerderheidsverslag hierbo in die geval van die Gesange wat goedgekeur is.
2.2.2 Die Sinode benoem Deputate om enige beryming van die Skrif wat aan hulle voorgelê word of ander berymings wat hulle mag identifiseer volgens die vasgestelde Beginsels en Riglyne (Handelinge 1994:527) te beoordeel en aanbevelings daaroor te doen.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.3 Die Sinode neem kennis dat min reaksie uit die kerkverband gekom het van voorleggings van nuwe berymings en beveel die kerke aan om persone met belangstelling in hierdie rigting aan te moedig om berymings aan die Deputate voor te lê.

**Besluit:** Goedgekeur.

2.2.4 Die benoemde Deputate kry opdrag om Skrifgedeeltes (bv. die gebede in Efesiërs 1 en 3; Kol 1:15-20; Flp 2:6-11; Num 21:17 vv en die lied in 1 Sam 2) wat vir moontlike Skrifberymings geskik is, te identifiseer en met individuele persone te skakel met die versoek om Skrifberymings oor hierdie gedeeltes aan die Deputate voor te lê. Sodanige persone moet op hoogte gebring word van die vereistes waaraan 'n Skrifberyming moet beantwoord volgens die besluite van Sinode 1994.

**Besluit:** Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handelinge).

2.2.5 Die Deputate kan, binne die neergelegde riglyne en met die samewerking van eksegete (soos wat die prosedure is met die Nuwe Psalmberyming), met die betrokke persone kommunikeer aangaande veranderinge aan die voorgelegde berymings sodat die persoon 'n finale produk aan die Deputate kan voorlê. Hierdie finale berymings moet aan die volgende Sinode voorgelê word vir finale beoordeling.

**Besluit:** Goedgekeur. Die Skrifberymings van J.P. Bingle en die ritmisering van A. Verhoef word terugverwys na die opstellers met die versoek om aandag te gee aan voorgestelde wysigings en die werk weer voor te lê aan die Deputate vir afhandeling.

2.2.6 Die Sinode spreek hom uit oor die moontlikheid en die wenslikheid van ritmiserings. Indien die Sinode hom positief daaroor uitspreek, moet die benoemde Deputate ritmiserings oorweeg en die volgende Sinode daaroor adviseer.

**Besluit:** Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om ritmiserings te oorweeg en die volgende Sinode daaroor te adviseer. Dit sluit ook die ritmiserings van A. Verhoef in.

**3. Samewerking vir nuwe Psalmberyming**

3.1 *Die Sinode neem kennis*

3.3.1 Algemene werkswyse

3.1.1.1 'n Subkommissie van die Deputate, bestaande uit prof. H.F. van Rooy, di. J.P. Bingle, A.H. Mulder, A.S. Smit en dr. A.G.S. Venter, het die vergaderings van die Afrikaanse Psalmkommissie bygewoon en met die beoordeling van nuwe Psalms saamgewerk. Prof. Heilna du Plooy van die PU vir CHO is op versoek van die Kommissie tot die Psalmkommissie gekoöpteer omdat die behoefte bestaan het aan 'n letterkundige wat op Potchefstroom woonagtig is en wat met die digter T.T. Cloete kon saamwerk. Uit die Gereformeerde Kerke se geledere werk proff. H.F. van Rooy, H. du Plooy en dr. Daleen Kruger met prof. Cloete saam.

3.1.1.2 Die afgelope drie jaar is ses vergaderings van die Psalmkommissie (wat in Pretoria vergader) bygewoon.

3.1.1.3 Die Psalmkommissie bestaan uit 34 lede, saamgestel uit eksegete, musici, letterkundiges en dogmatici uit die Ned. Geref., Ned. Herv. en Gereformeerde Kerke vanoor die hele land. Die samewerking is baie hartlik en daar kan met dankbaarheid getuig word dat die beoordeling van die nuwe Psalms uiters noukeurig gedoen word om te voldoen aan die eise van Skrifgetrouheid en aan die eise gestel in die Beginsels en Riglyne soos deur die Sinode 1994 vasgestel (Handelinge 1994:553, 4.2). Die werkswyse van die Kommissie is so dat voorleggings in verskillende stadiums behandel word en dat deurentyd met die digters oor tekortkominge en voorgestelde veranderings gekommunikeer word (eerste voorlegging op wit papier, later op geel sodra die beryming goedkeuring nader, op groen vir finale goedkeuring).

3.1.1.4 Hierdie Kommissie doen ook die beoordeling van die melodieë wat gepas is vir elke Psalm en vir huidige kerklike gebruik. Op 14 Augustus 1992 is besluit watter van die huidige melodieë wel behou moet word. Daar moet op gewys word dat daar ander Deputate van die Sinode is wat ook met die soek na en beoordeling van nuwe melodieë besig is.

3.1.1.5 Die Deputate het die twee Rapporte wat op die Nasionale Sinode 1994 aanvaar is, vir kennisname aan alle lede van die Psalmkommissie deurgegee, nl. die Rapport Studiedeputate oor Beginsels en Riglyne vir die keuring van Skrifberymings vir die

erediens (Handelinge 1994:527-539) en die Rapport van Studiedeputate oor singbare melodieë (Handelinge 1994:540-542).
3.1.1.6 Met die opstel van hierdie Rapport is 33 nuwe berymings finaal goedgekeur (melodieë uitgesluit) en 59 is in een of ander stadium van behandeling met die oog op finalisering (Bylae 3). By verre die meeste Psalms is van T.T. Cloete. 'n Woord van besondere dank en waardering van die kant van die Sinode behoort aan hierdie digter oorgedra te word.
3.1.1.7 Op versoek van die Afrikaanse Psalmkommissie is enkele Gereformeerde Kerke gevra om sekere voorlopig gefinaliseerde nuwe berymings uit te toets ten einde die aanvaarbaarheid en bruikbaarheid daarvan te bepaal. Op 9 Maart 1995 is gekose kerkrade genader. Daar is van die volgende gemeentes reaksie ontvang: Krugersdorp, Noordbrug, Potchefstroom-Noord, Randburg, Sasolburg, Vereeniging-Oos. Die resultaat van hierdie reaksies is aan die Psalmkommissie deurgegee.
3.1.1.8 Die Deputate is ook uitgenooi om 'n vergadering van die Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies (TKKP) by te woon. Dr. A.G.S. Venter het hierdie vergadering (op 8 Februarie 1991) as waarnemer bygewoon omdat daar geen amptelike opdrag daartoe gegee is nie. Die TKKP werk met die uitgee, dit is die ooreenkoms met die uitgewer, van die Nuwe Afrikaanse Psalmbundel en is saamgestel uit verteenwoordigers van die kerke wat lede is van die Afrikaanse Psalmkommissie. Hierdie instansie hanteer uiteindelik die kopiereg van die Nuwe Psalmberyming. Die stukke van die vergadering van 8 Februarie 1996 word as Bylae by hierdie Rapport gevoeg (ongepubliseer).
3.1.1.9 'n Skrywe is van die Afrikaanse Protestantse Kerk ontvang (d.d. 8 Februarie 1996) met 'n versoek om samewerking tussen die APK en die GKSA oor die nuwe Psalmberyming (ongepubliseerde Bylae). Die Deputate het geoordeel dat die Deputate op die Afrikaanse Psalmkommissie met die ander kerke gesamentlik saamwerk en nie met kerke afsonderlik nie. Die APK is deur die Psalmkommissie genooi om ook met die nuwe beryming saam te werk.
3.1.1.10 'n Skrywe is vroeër van die Jeugdeputate ontvang met die oog op koördinering van aktiwiteite van hierdie twee Deputate. Sodanige koördinering het nie gerealiseer nie.

**Besluit:** Kennis geneem van pte.3.1.1.1 tot 3.1.1.10.

3.2 *Die Sinode besluit*

3.2.1 Deputate word weer benoem om saam te werk met die Ned. Geref. en Ned. Herv. Kerke (en ander kerke wat op die Psalmkommissie mag sitting hê) met die oog op die nuwe Psalmberyming.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.2.2 Verteenwoordigers uit die Deputate word op die TKKP benoem met die opdrag om saam te werk met die uitgee van die nuwe Psalmboek. Die Deputate moet die volgende Sinode adviseer oor die vorm waarin die nuwe Psalmboek uitgegee moet word.

**Besluit:** Afgekeur. Die volgende Nasionale Sinode sal die keurproses afhandel. Die Deputate kry opdrag om verteenwoordigers aan te wys om op verkennende basis voorlopige onderhandelings met die TKKP in verband met die samestelling, druk en onkoste van ‘n nuwe liederebundel aan te knoop en by die volgende Nasionale Sinode daaroor te rapporteer.

3.2.3 Die Sinode skep 'n geleentheid om tydens die Sinode dankwoorde aan prof. T.T. Cloete oor te dra.

**Besluit:** Die Sinode rig in ‘n skrywe woorde van waardering en bemoediging aan prof. T.T. Cloete.

3.2.4 Die Sinode begroot vir uitgawes vir bywoning en reëlings van die vergadering van die Psalmkommissie.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.2.5 **Besluit:** Die Sinode besluit dat ‘n keurderspaneel deur die betrokke Deputate saamgestel word om aanbevelings oor die voortgaande en finale inhoud van die nuwe Psalmberymings te maak en aan die Afrikaanse Psalmkommissie voor te lê. As vertreklys kan die Deputate die volgende persone nader: dr. L. Dekker, prof. P.D. van der Walt, prof. P.W. Buys, prof. Jan Swanepoel, dr. I.L. Bekker, ds. J. Myburg, prof. H.F. van Rooy, prof. H. du Plooy, dr. Daleen Kruger, proff. E.J. Smit en H.J. Grobler.

## 23.4 RAPPORT OOR HERSIENING VAN TOTIUS PSALMBERYMING: PSALMS 1 TOT 13:5 (Artt.72, 125, 236)

A. Prof. J. van der Elst stel die Rapport nadat hy in die vergadering verwelkom is.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Liturgie II.

C. ‘n Brief van prof. P.W. Buys wat ontvanklik verklaar is word ook verwys na Kommissie Liturgie II.

D. Ds. J.L. du Plooy rapporteer namens die Kommissie.

**E. RAPPORT:**

**1. Opdrag**

1. Besluite by die vorige Sinode was die volgende:

1.1 Dat aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse gevolg gegee word:

1.1.1 Drie Deputate (vgl. Acta 1976:405) word benoem om

(1) uitvoering te gee aan punte 4.1, 4.2.2 en 4.3 van art.113 op p.405 van Acta 1976 wat soos volg lui:

“4.1 Die Sinode besluit om saam te werk aan 'n *beperkte* taalkundige revisie van die Psalmberyming waarin getrag sal word om argaïstiese woorde en segswyses en ander taalonsuiwerhede uit te suiwer terwyl streng gewaak sal word teen die aantasting van die inhoud en poëtiese gehalte van die bestaande beryming.
4.1.2 Om self met behulp van wie hulle ook mag goedvind, te probeer om Psalms waarin sodanige taalonsuiwerhede voorkom, te revideer.
4.3 Aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk word voorgestel dat 'n Interkerklike Revisiekommissie bestaande uit drie lede van elke kerk in die lewe geroep word met die opdrag om die gerevideerde tekste van Psalms wat deur amptelike kerklike instansies aan hom voorgelê word, te beoordeel, en indien die oordeel gunstig is, dit aan die Sinodes van die drie Afrikaanse kerke met aanbevelings voor te lê. Indien die ander twee Afrikaanse kerke dit bewillig, sal die drie Deputate genoem in 4.2 in hierdie Interkerklike Revisiekommissie dien."
1.1.2 arbeid wat reeds in hierdie verband gedoen is (vergelyk Acta 1979:616-618, 186, Bylae 128 by die Rapport Deputate Tekshersiening van die Psalms) te evalueer en in die lig van verdere studiewerk oor die hersiening van die Totiusteks by die volgende Sinode te rapporteer.
1.1.3 Argaïsmes en Nederlandismes wat nie vervang kan word nie, moet in voetnotas of in 'n addendum verklaar word om verstaansprobleme op te los.
1.2 Die skakeling met die NG en NH Kerke mag nie die hersiening vertraag of in die weg staan nie. Die Deputate word ook gemagtig om met kundige persone in ander Afrikaanse Kerke saam te werk.
1.3 Die finale beslissing oor die gerevideerde teks berus by die Sinode. Dit sal die leerstellige suiwerheid, religieuse diepgang en literêre gehalte van die oorspronklike moet bewaar. Die effektiwiteit waarmee die taalprobleme opgelos word en die praktiese nut van die eindproduk sal die aanvaarbaarheid daarvan bepaal.
Die werk van die Deputate moet aan die benoemde Deputate Liturgiese Musiek voorgelê word wat sal funksioneer as 'n Kommissie van pre-advies vir Nasionale Sinode 1997.

**Besluit:** Kennis geneem.

**2. Vir kennisname**

2.1 Die verslag wat nou volg, gaan puntsgewys oor bogenoemde **sake**

2.1.1 Die drie benoemde Deputate is prof. J. van der Elst (s), dr. I.L.J. van Vuuren en dr. H.J.G. du Plooy met prof. P.W. Buys as adviseur. Prof. Du Plooy het onttrek en prof. P.G.W. du Plessis (sek.) is in haar plek benoem.

2.1.2 'n Beperkte taalkundige revisie is gedoen en 'n voorbeeld van die eerste hersiene 13 Psalms is hierby aangeheg. Die werk gaan steeds voort en by die lewering van die verslag in Januarie 1997 kan die gegewens rondom die revisiewerk aangevul word.
Hier moet vermeld word dat daar 'n meningsverskil binne die geledere van die Deputate bestaan oor die sinvolheid van hierdie oefening. As die Sinode tweërlei weg opgaan en enersyds 'n aantal broeders en susters in 'n Interkerklike Kommissie benoem om mee te werk aan 'n totale nuwe beryming, en andersyds opdrag gee vir 'n hersiening van die Totiusberyming klink dit of daar onversoenlike belange op die spel is.
Die revisie van die Totiusberyming kan neerkom op lapwerk en uiteindelik ook die poëtiese struktuur van die Psalms aantas. Verder leef die veronderstelling dat die nuwe beryming op die lang duur tog algemeen aanvaar gaan word.
2.1.3 Die Deputate het dit tot dusver nie nodig geag om ander persone oor die hersiening te raadpleeg nie. Prof. Buys se talent as digter-adviseur het 'n belangrike bydrae gelewer.
2.1.4 Daar is kennis geneem van vorige werk wat reeds vir hersiening van die Psalmberyming gedoen is. Die werk het tot 'n groot mate eerder die sinjalering van argaïsmes en Nederlandismes behels en minder die aanpassings van die berymings.
2.1.5 In gevalle waar rymskemas nie verander kon word en waar vreemde woorde (argaïsmes en Nederlandismes) nie verander kon word nie, is inderdaad voetnotas aanbeveel.

**Besluit:** Kennis geneem van pt.2.1. Ten opsigte van pt.2.1.2 neem die Sinode kennis dat daar nie eenstemmigheid onder die Deputate oor die gestelde standpunt was nie.

2.2 In die lig van samewerking wat reeds op die basis van 'n volledige nuwe beryming bestaan, het die Deputate nie hulle weg oopgesien om met die ander kerke te skakel oor die hersiening van die Totiusberyming nie. Daar was 'n versoek vanuit die APK tot samewerking. Hierop het die Deputate nie ingegaan nie en ons vra die Sinode se advies hieroor.
2.3 Die Deputate meen dat hulle in die aangehegte voorstelle tot verandering van die Totiusberyming nie die leerstellige suiwerheid en religieuse diepgang van die Totiustekste aangetas het nie. Taalprobleme kon redelik effektief opgelos word. Die Deputate het op hierdie tydstip nog nie die pre-advies van die Deputate Liturgiese Musiek gevra oor die aanpassing nie, veral op grond van die betreklike klein volume werk wat afgehandel is.

**Besluit:** Kennis geneem van pte.2.2 en 2.3.

**3. Vir beoordeling deur Sinode**

3.1 Die aangehegte voorstelle vir aanpassings van die Totiusberyming. Die veranderings is in **vetdruk** aangegee.

3.2 As die revisiewerk voortgesit moet word, sal dit nog ongeveer twee jaar neem om die werk te voltooi.
3.3 Die Deputate is onseker oor die sinvolheid van die hersieningsoefening in die lig van die feit dat die Sinode tegelykertyd 'n span aan die werk het in die Interkerklike Kommissie vir 'n nuwe Psalmberyming.
3.4 Die Deputate is nie onwillig om die werk voort te sit as die Sinode so sou besluit nie. Dit sou moontlik sinvol wees om die werk in sy geheel aan een persoon op te dra, by name prof. P.W. Buys.

**Besluit:** Kennis geneem van die hele punt 3.

**4. Die Sinode moet oor die volgende sake besluit**

4.1 Op grond van die werk wat reeds gedoen is en wat 'n redelike indruk gee van die haalbaarheid van die oefening, moet besluit word of die werk moet voortgaan al dan nie.
4.2 Daar moet besluit word of die werk aan 'n eenmankommissie in die persoon van prof. P.W. Buys opgedra word.
4.3 Die Sinode moet besluit oor die betrokkenheid van die APK by die werk aan die beryming.

**Besluit:** Die Sinode besluit soos volg na aanleiding van die Kommissierapport:

1. Kennis geneem van die volgende beredenering
1.1 Die werk om die Totiusteks te hersien sloer nou reeds vanaf 1976.
1.2 Dit is eers vanaf Sinode 1994 dat vir die eerste keer daadwerklike uitvoering aan die hersieningsbesluit van 1976 gegee is.
2. Kennis geneem van die volgende bevindings:
2.1 Dit blyk dat die hersiening van die Totiusteks bykans onoorkomelike probleme oplewer, en uiteindelik nie anders kan as om die literêre waarde en strukturele aard van die Psalmbundel aan te tas nie.
2.2 Dit blyk dat die deputate onderling verdeeld was ten opsigte van die sinvolheid en haalbaarheid van die hersiening, veral in die lig van die werk aan die nuwe Psalmberyming.
2.3 Die bruikbaarheid en doelmatigheid van drie Psalmberymings vir die GKSA (te wete die Totiusberyming, hersiene Totiusberyming en die nuwe Psalmberyming) kan met reg bevraagteken word.
2.4 ‘n Hersiening van die Psalmberyming van Totius moet ook uitgebrei word na die Skrifberymings van Totius, kragtens KO, art.69.
3. Die Sinode besluit soos volg:
3.1 Aan die Deputate word opgedra om waar moontlik, ligte redaksionele veranderings in die Totiusteks aan te bring.

3.2 Moeilik-verstaanbare woorde, uitdrukkings, argaïsmes en Afrikaans-vreemde woorde in die teks kan by wyse van verklarende aantekeninge (soos in die 1983-Bybelvertaling) verduidelik word.
3.3 Prof. P.W. Buys en die lede van die Deputate word van harte bedank vir werk wat reeds gedoen is, en die Sinode spreek sy dankbaarheid veral teenoor prof. Buys uit vir sy onvermoeide en onbaatsugtige arbeid.
3.4 Die ander drie Afrikaanse kerke, te wete die NGK, NHK en APK word in kennis gestel van die besluit van die Sinode.
3.5 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om indien nodig ‘n kundige(s) te nader om die ligte hersiening te doen en aan hulle voor te lê. Die Deputate mag ook ander kundige(s) koöpteer.
4. Opdrag aan te benoeme Deputate:
4.1 Aan die te benoeme Deputate word opgedra om waar moontlik ligte redaksionele veranderinge in die Totiusteks aan te bring. Moeilik-verstaanbare woorde, uitdrukkings, argaïsmes en Afrikaans-vreemde woorde in die teks kan by wyse van verklarende aantekeninge (soos in die 1983-Bybelvertaling) verduidelik word.
4.2 Die werk wat reeds in die verband gedoen is, word in ag geneem en sover moontlik oorgeneem.
4.3 Die huidige bundel van Skrifberymings word ook bewerk.
4.4 Die ander drie Afrikaanse kerke en die VGK, word van hierdie besluit in kennis gestel. Versoeke tot samewerking moet deur die Deputate beoordeel en waar moontlik geïmplementeer word.

HERSIENE PSALMS : PSALM 1 TOT 13:5

**PSALM 1**

Vers 1 (Onveranderd)
Vers 2
Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,
sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrug'bre lentelugte,
sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen **teenspoed** wat hom in sy werk sal stuit:
wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.
Vers 3
So is die sondaar nie; sy aardse tyd
is wisselspel en onbestendigheid.
Hy's soos die kaf aan stormwind *prysgegewe;
in nietigheid, so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand **voor God se aangesig**,
**of waar Hy oorgaan tot die strafgerig**.

Voetnoot
*prysgegewe : prysgegee

Vers 4
God ken die pad waarop sy volk moet gaan;
**dit is sy oog wat hulle gadeslaan**;
**dis Hy wat met sy lig hul pad** bestraal het;
maar sondaarspad wat van hom weggedwaal het -
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

**PSALM 2**
Vers 1
Wat dring en dryf die wilde heidendom
dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom,
**en magtiges beraadslag** vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek
**en sy gesalfde Koning te bestry**.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek
en van hul juk vir altyd ons **bevry**!"
Vers 2
Maar God die Heer **wie se** gedugte stoel
bo sterre **staan**, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrug'loos woel
en, magteloos, verniet hul krag verteer.
God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog;
dan gloei die lug van vlammende onweerslig.
Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog
**en laat hul ylings vlug voor sy gerig.**
Vers 3
"**Sal** jy dit waag om met my krag te twis,
**geringe stof** My my gesag **ontneem**?
Of weerstand bied teen wie almagtig is?
Ontsien my toorn, **jou dwaas, van my vervreem**!
Vergeefs wil **jy** my **heerskappy weerstreef**.
Ek het my Vors gesalf - wee wie Hom hoon! -
op Sionsberg van heiligheid omgeef,
waar Hy sal heers **vir** ewig **op sy** troon."
Vers 4
En Ek, die Vors so hoog in mag en eer,
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegenereer:

U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
**Stel** dan u eis, Ek skenk dit U gewis.
En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis
en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Vers 5

"Die trotsaards sal U met u ysterstaf
soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;
U sal, as **U u** hand **ophef** tot straf,
hul opstandslus tot in die grond verderf."
O konings, graag gehuldig en geëer -
laat nooit u hoogheid Gods Gesalfde hoon!
O regters, wat oortreders **reg wil leer**,
aanvaar die tug wat u sy liefde toon.

Vers 6 (Onveranderd)

**PSALM 3**

Vers 1

Hoe groei my teenparty!
Hoe dring hul naderby!
Ek hoor al hoe hul laster:
"Hy het geen heil by God."
Hul hoon my met hul spot
en keer my altyd vaster.
Maar U sal hulle **keer**;
**En U herstel my eer**,
my God, my skild, my **Here**!
U hef, *trots hul * gerug,
my hoof weer in die lug,
want U verhoor my, Here!

Voetnote
*trots : ondanks
*gerug : geraas, kwaadwillige praatjies

Vers 2

Van God se trou bewus,
**het ek geen slaap, gerus**
tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees,
hoe sterk hul ook mag wees,
**wat my beangs gemaak het**.
Staan op, verlos my Heer,
**en stuit hul woede weer**!
U tem die oorlogsvolke!

Aan U die heil alleen!
Stort **oor u volk** 'n seën
soos druppels uit die wolke.

**PSALM 4**

Verhoor my Heer, in donker dae,
God van my reg, **bring** troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae,
hoor my **o Heer, na u behae**.
O manne wat my nou bestry,
hoe lank nog word in *teënhede
my eer in skande omgekeer?
Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede?
Word leuentaal deur jul begeer?

Voetnoot
*teënhede : teëspoed

Vers 2

Weet dat die Heer vir Hom tevore
'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore,
nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die Heer hom hoor en red.
**O dienaars van die sonde, bewe**!
Oortree nie teen sy heil'ge wil.
Deursoek jul hart, **oordink jul lewe**
as eensaamheid **jul bed omswewe**,

OF

as **stilte om jul slaapplek swewe**,
verwag die Heer en wees net stil.

Vers 3

Wil jul aan Hom 'n offer *gewe?
Die offer wat die Heer aanskou,
is in opregtheid reg te lewe,
en Hom alleenlik aan te *klewe,
op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë:
Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë,
sien op ons neer in mededoë,

verlig ons hart en ons gemoed!

Voetnote
*gewe : gee
*klewe : kleef, aan te hang

Vers 4
U het my hart meer vreug *gegewe
as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk *verhewe,
by **wyn** en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid.
Ek sal gerus gaan slaap in vrede
en ongestoord lê ek my neer;
want u alleen verhoor my bede,
U waak oor my in *teënhede,
dat ek **dan** veilig woon, o Heer!

OF

**en** ek kan veilig woon o Heer!

Voetnote
*gegewe : gegee
*verhewe : trots en hoogmoedig
*teënhede: teëspoed

**PSALM 5**
Vers 1
O Heer, neem my gebed ter ore!
Kan ek die **regte** woord nie spreek,
**weet U** wat in my woel en smeek;
my sugte, as spraak nog ongebore,
is nie verlore.
Vers 2
Ek roep om hulp, ek is onmagtig,
die vleuels van my siel **gebind**.
Maar U, my **God, wees my, u kind**,
wees U my **swakheid** tog gedagtig,
en reddingskragtig.
Vers 3
Wanneer die daglig straal oor rande
van skemerende berge neer,
dan bid en wag ek op die Heer
**en maak gereed** my offerande
met will'ge hande.

Vers 4

O God, wat groot is van vermoë,
wat woon in smettelose lig,
U sal die goddeloosheid *rig;
U kan die sondaar voor u oë
geensins *gedoë.

Voetnote
*rig : U sal oor die goddeloosheid as Regter optree
*gedoë : verdra

Vers 5

U, Heer, verdelg die leuenspreker.
Hy wat sy hand met bloed bevlek
en gruwels met bedrog bedek -
hy terg, as **bose** wetverbreker,
die hoogste Wreker.

Vers 6

Maar ek, **gered uit mededoë**,
mag ingaan in u heiligdom,
tot voor u tempelwoning kom
met ware Godsvrees, voor u oë
diep neergeboë.

Vers 7

Lei my in u geregtighede
**omdat ek haters het**, en baan
die pad waarop my voet moet gaan.
O hoor my pelgrimsmôrebede:
Bewaak my *skrede!

Voetnoot
*skrede : voetstappe

Vers 8

Hul mond is altyd onwaaragtig,
hul binnenste is op kwaad *bedag,
hul keel 'n ope graf wat wag;
hul gladde tong, in woorde magtig,
is leuenagtig.

Voetnoot
*bedag : ingestel op die kwaad

Vers 9 (Onveranderd)
Vers 10 (Onveranderd)
Vers 11

Daar's vreugde, want u mag bekroon hul,

u seen is oor hul ryk en *mild,
u sorg is om hul soos 'n skild,
u welbehae, Heer beloon hul,
u guns verskoon hul.

Voetnoot
*mild : oorvloedig

**PSALM 6**

Vers 1

Wil my, o Heer, nie straf nie,
wys my in toorn nie af nie,
sien my genadig aan;
laat in my teëspoede
'n alte strenge *roede
my nie met **hardheid** slaan!

Voetnoot
*roede : stok, slaanding

Vers 2

Laat, Heer, u oog in *strakheid
nie neersien op my swakheid.
Genees my, merk tog hoe
die smart my siel beswaar het,
die skrik in my gevaar het
tot in my beend're toe.

Voetnoot
*strakheid : strengheid

Vers 3

My siel, deur skrik *bewoë,
smeek om u mededoë;
my hart keer om en om.
In my verbrys'ling kla ek,
O Heer, hoe lank nog, vra ek,
voor daar verligting kom?

Voetnoot
*bewoë : ontstel

Vers 4

Keer weer tot my bevryding,
verlos my uit my lyding,
straal goedheid op my af.
Want daar's geen lofgedagte

vir u in **sterwensnagte**,
Geen lofstem in die graf!

Vers 5

Hoe moeg is al my lede,
daar ek in **angstighede**
van geen verposing weet.
Die ganse nag deurweek ek
my bed met trane, smeek ek
om redding uit my leed.

Vers 6

**Ek is terneergedoë,**
**verdof is nou my oë,**
**verswak deur my** geween;
**omdat** ek in ellende
verdruk word deur 'n bende
van haters om my heen.

Vers 7

**Gaan** weg in julle **boosheid**,
o werkers van godd'loosheid,
want God **is aan my sy**.
In my geween en smeking,
verbrys'ling en verbreking,
verhoor die Here my.

Vers 8

Waar is my *teenpartyders?
'n Skrik het my bestryders
verstom en om laat keer.
**Hul hoogmoed is gebonde**,
'n oogwink - en hul **sonde**
daal op hul koppe neer.

OF

**Die laaste 3 reëls kan weggelaat word omdat dit 'n onnodige bydigting is.**
**Die vers eindig dan met "en om laat keer".**

Voetnoot
*teenpartyders : teëstanders

**PSALM 7**

Vers 1

Heer, my God, by wie ek skuiling,
redding soek - my teenparty
wat my jaag op al my spore,

**dreig en kom al** naderby.
As u hand my nie verlos nie,
sal hul lewend my verslind,
soos 'n leeu die arme skaaplam
wat hy sonder herder vind.

Vers 2

Heer, my God, wat is my sonde?
Het die skuld my aangekleef
dat ek **hom kwaad** aangedoen het
wat met my **in vrede** leef?
Nee, ek het die hand van vriendskap
reddend na hom uitgesteek,
ook al was die bande van vriendskap
deur sy vyandskap verbreek.

Vers 3

As ek met 'n valse weegskaal
leed vir guns en kwaad vir goed
**vir my vyand afgeweeg het** -
laat sy wraak my dan ontmoet.
Laat hom my dan jaag en inhaal
en my lewe nie verskoon,
my vertrap, my eer verneder
en my *in die stof laat woon.

Voetnoot
*in die stof laat woon : tot in die stof verneder

Vers 4

Heer, ontwaak en keer sy **woede**
met die vuur**gloed** van u wraak!
Daag hom voor u *regtersetel;

OF

Daag hom voor **die hoogste Regter**;
**En, o Heer, bereg my saak**!
**Spreek u vonnis voor die volk**
**oor hom uit en werp hom neer**!
Keer dan majesteitlik, Here,
na die eewge hoogtes weer.

Voetnoot
*regtersetel : regterstoel

Vers 5 (Onveranderd)

Vers 6

Soos 'n held met skild gewapen
aanstap sonder kommernis,
so voel ek by God my veilig
wat my skild en helper is.
Want Hy is die hoogste regter
wat die **lyer** reg verskaf;
elke dag ontvlam sy wraakvuur
wat die onregwerkers straf.

Vers 7

As die vyand in sy oormoed
hom nie in sy loop laat stuit,
dan ruk God, hoewel lankmoedig,
eindelik sy **skerp** swaard uit.
Dan span Hy sy boog en mik Hy
met sy **brandpyl**, skerp en spits;
en die vyand voor hy neer**val**,
sien die dodelike blits.

Vers 8

Want hy was van onreg swanger,
moeite en leu'ns het hy versin;
en nou stort hy self, die grawer,
in sy eie vangkuil in.
Sal ek dan die Heer nie loof nie
en sy Naam nie hulde bring?
Vir sy groot verlossingsdade
sal'k die **grote God besing**.

**PSALM 8**

Verse 1, 2, 3 en 7 (Onveranderd)

Vers 4

wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so **veel geskenk** het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die en'gle om u troon.

Vers 5

U laat hom heers. Tot aan die verste strande
gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o Heer, dit onder hom gestel,
dit hoor my stem en beef **vir** sy bevel.

Vers 6

Die os en skaap en wat in wildheid lewe,
die voëls wat deur hoë **hemel** swewe,
al wat deurkruis die paaie van die see -
tesaam het U dit in sy mag gegee.

**PSALM 9**

Verse 1, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 en 15 (Onveranderd)

Vers 2

omdat my vyand, hoe gedug,
teruggewyk het en gevlug;
omdat hy voor u **oë** wég is,
en, Heer, my saak deur U besleg is.

Vers 3

As Regter 't U die troon bestyg
U het die heidendom gedreig,
sodat die sondaars uitgedelg is
**en deur u toorn, o God, verswelg is**.

Vers 13

Die goddelose moet weer wyk,
teruggaan na die doderyk;
**dié mens wat nie aan Hom gedink het**,
**wat in die grafkuil weggesink het**.

Vers 14

**Behoeftiges** wat kwyn in leed,
sal God nie eindeloos vergeet;
Hy sal die hoop van hul bestendig
wat hier verdruk is en ellendig.

**PSALM 10**

Vers 1

Waarom, o Heer, bly U so ver weg staan?
Waarom is U verborge in die nood -
terwyl die **sondaar** in sy **hoogmoed** groot,
**sy trotse hand aan** die verdrukte **slaan**?

Vers 2

Laat hom gevang word wat **so slu** beraam;

OF

Laat hom gevang word wat **geweld** beraam;
Wat juig wanneer sy plan hom sal *geluk,
wat prys wanneer die woekeraar verdruk,
maar God verag en groot**praat** teen sy Naam.

Voetnoot
*geluk : slaag

Vers 3 (Onveranderd)

Vers 4

Hy is voorspoedig waar sy voetstap gaan:
"Hoog in die hoogte, eind'loos ver," dink hy,
"is Gods gerig : geen loof of straf vir my."
En hy verag **die wat** hom teëstaan.

Vers 5 (Onveranderd)

Vers 6 (Onveranderd)

Vers 7

Hy smaad die Heer en dink: "God het vergeet.
Hy sluit sy oog en sien dit nimmermeer."
**Kom tog** en wil die arme red, o Heer;
dis **vir ons goed** as U maar sien en weet.

Vers 8

Ons gee dit oor in al ons kommernis
aan U, o Heer, die helper van die wees.
**Breek U** die arm van hom wat U nie vrees,
vergeld die kwaad totdat daar niks meer is.

Vers 9 (Onveranderd)

Vers 10

God sal hoor en sal die hart verkwik
van arme en wees aan wie Hy reg verskaf,
maar op verdrukkers daal sy strenge straf,
hul **sal op aarde** niemand meer verskrik.

**PSALM 11**

Vers 1

Ek skuil by God in al my onweersdae.
Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:
"Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae
na die *gebergt', van vrees en vyand vry!"

Voetnoot
*gebergt : berge

Vers 2

"Hul span die boog; die pyle is op die snare,
om die opregte heimlik om te bring.
Wat kan h doen as die geweldenare
die reg verbreek en uit die land verdring?"

OF

die reg verbreek, **dit** uit die land verdring?"

Vers 3 (Onveranderd)

Vers 4

Die Heer toets hul wat regverdig lewe,
maar haat **die mens** wat geen weldaad vrees;

hy word aan strikke en vuurgloed *oorgegewe,
'n gloeiwind sal sy straf vir onreg wees.

OF

'n **skroeiwind** sal sy straf vir onreg wees.

Voetnoot
*oorgegewe : uitgelewer, oorgegee

Vers 5
Die Heer is reg, regverdig in sy handel,
**bemin** die reg en bly daaraan getrou.
Opregtes vind die **uitslag** van hul wandel:
hul sal die aangesig van God aanskou.

**PSALM 12**
Vers 1 (Onveranderd)
Vers 2 (Onveranderd)
Vers 3
Mag God die **mond verstom**
waar**uit** die vleitaal **,om**
die tong wat vry en onbewaak
vermetel is van *spraak.

Voetnoot
*spraak : woorde

Vers 4
Hul sê: "Ons **taal** is sterk,
in slimheid onbeperk.
Ons **woorde is die hoogste wet**;
wie kan ons dan **belet**?"
Vers 5
"Oor wie verkwyn in druk
en sug in ongeluk.
sal Ek nou opstaan **om te keer**
**en** uitred," sê die Heer.
Vers 6 (Onveranderd)
Vers 7
Die Heer sal in gevaar
sy volk altyd bewaar;
as lis en *laagheid triomfeer

OF

**as die gemeenheid** triomfeer

dan waak en sorg die Heer.

Voetnoot
*laagheid : gemene dade

**PSALM 13**

Vers 1

Hoe lank is ek van hulp ontbloot,
my God, in u gedagtes dood?
Hoe lank sal ek in *donkerhede
geen antwoord hoor op my gebede,
en ongetroos wees in die nood?

Voetnoot
*donkerhede : verlatenheid

Vers 2

Hoe lank, o Heer, sal sorg en smart
hul laer opslaan om my hart?
Hoe land die vyand met behae
my aansien in my angs en plae -
my siel mistroostig en **verward**?

Vers 3

O Heer, my God, sien my tog aan,
wil my ellende *gadeslaan:
verlig die donker van my oë,
en wil tog nimmermeer *gedoë
dae ek in doodslaap ondergaan

Voetnote
*gadeslaan : aansien
*gedoë : toelaat

Vers 4

Laat hulle wat in oormoed my
vervolg en met hul swaard bestry -
laat hul nie roem op meerd're kragte,
of *smalend sê in hul gedagte:
"Ons het oorwin, daar struikel hy!"
Voetnoot
*smalend : vermetel

Vers 5

O Heer, ek sal U nooit laat gaan.
My hoop bly op u goedheid staan.
My hart sal oor u redding bly wees,
my lofsang aan U toegewy wees,
want U het aan my *welgedaan.

Voetnoot
*welgedaan : goedgedoen.

23.5 BESKRYWINGSPUNT : PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL OOR WERKSWYSE NUWE PSALMBERYMINGS (Artt.111, 176)

A. Ds. J.P. Coetzee lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Liturgie II.
C. Dr. I.L. Bekker rapporteer namens die Kommissie.
**D. BESKRYWINGSPUNT**
1. Die Nasionale Sinode 1997 neem kennis van die werkswyse wat gevolg word by die daarstel van 'n nuwe beryming/digting van die Psalms, nl. dat teoloë, en wel geleerdes in die Ou-Testamentiese vakke, 'n uitleg verskaf aan digters wat self nie Hebreeus of die teologie beheers nie, maar dan die beryming/digting doen.

**Besluit:** Daar word nie gevolg gegee nie.

Motivering: Die aannames in hierdie punt is nie in ooreenstemming met die getuienis waaroor die Sinode beskik nie.
2. Die Nasionale Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat enige beryming/digting van die Psalms wat vir gebruik in die eredienste aangebied word, konform die Skriftuurlike leer, soos die Drie Formuliere van Eenheid vervat is, moet wees.

**Besluit:** Gevolg gegee.

Motivering: Hiermee bevestig die Sinode wat reeds vroeër besluit is (Acta 1985:765-766, pte.4.2 - 4.5; Acta 1988:795, art.159, pte.3.5.1 en 3.5.2 asook Acta 1994:553, pt.4.2). In die keuringsproses behoort onder andere ook aandag gegee te word aan die behoud van die Messias- en Verbondsmotief, asook die bewaring van Skriftuurlike beelde, waar moontlik.
3. Die Nasionale Sinode oordeel dat alvorens die nuwe beryming/digting deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke beoordeel word, die bepaalde teologiese uitleg wat aan die digters verskaf word, op aanvraag beskikbaar gestel moet word ten einde dit op die kerklike weg te beoordeel.

**Besluit:** Daar word nie gevolg gegee nie.

Motivering: So ‘n werkswyse is onuitvoerbaar. Die waarskynlike probleem met Skrifinterpretasie wat kan neig vrysinnigheid, word ondervang deur die feit dat die Sinode Deputate benoem het en DV weer sal benoem om op deurlopende basis opbouend-krities ook aan die regsinnigheidsaspek van die nuwe Psalmberyming aandag te gee.

23.6 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE : UITBREIDING VAN KERKORDE, ARTIKEL 69 (Artt.112, 237)

A. Di. A.J. du Plessis en P.K. Lourens lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Liturgie II.
C. Ds. J.L. du Plooy rapporteer namens die Kommissie.
**D. BESKRYWINGSPUNT**
Die Nasionale Sinode word versoek om hierdie Beskrywingspunt te behandel en desgewens af te handel. Indien dit nie afgehandel kan word nie, dit deur te stuur na die Algemene Sinode.
"Die Nasionale Sinode word versoek om Kerkorde, art.69 uit te brei deur na die woorde "ander Skrifberyminge" in te voeg: "en gekeurde Skrifgetroue liedere".

**Motivering:**
1.1 Die Kerklied speel 'n onberekenbare rol in die geloofsbelewing van die gemeente en die verfrissing van ons lewe met God. In 'n tyd soos vandag kan nuwe, Skrifgetroue liedere 'n groot bydrae lewer tot die verfrisde belewing van die Evangelie en van ons omvang met God.
'n Groot aantal lidmate smag na 'n kerklied waarin hulle in hedendaagse taal en idioom en selfs nuwe melodieë uitdrukking kan gee aan hulle omgang met God.
Die bedoeling is nie om Psalmgesang en die sing van ander berymings uit die Skrif uit te faseer nie. Inteendeel, die Skrifgetroue liedere wat in vooruitsig gestel word, kan die liedereskat van die kerk uitbrei.
1.2 Voorbeelde van Skrifgetroue kerkliedere wat reeds met stigting gebruik word, is Sb.26:11, die hele Sb.27. Nie een van hierdie liedere is direk op 'n bepaalde teks van die Bybel gebaseer nie. Eersgenoemde is 'n sinvolle integrasie van die Ou en Nuwe Testament, en 'n goeie voorbeeld van die soort lied wat die gemeente kan verryk.
1.3 Die GKSA het tot hiertoe - vir eie gebruik - die kerklied beperk tot dié genoem in KO, art.69. Die gebruik van liedere in die erediens waarvan die teks nie direk uit die Bybel kom nie, is egter nog nooit as sodanig by ander kerkgemeenskappe afgekeur of as vals bestempel nie. Sodanige gebruik by ander kerkgemeenskappe het ook nog nooit 'n belemmering gevorm om korrespondensie met sodanige kerke te onderhou nie. Kerke wat in die Sinodes Middellande en Soutpansberg saamkom, sing trouens liedere van 'n heeltemal ander aard as ons kerklied. Tog het dit nie ons korrespondensie en eenheid in kerkverband in die weg gestaan nie.

Uit die kerkgeskiedenis is die standpunt van ds. Dirk Postma bekend wat hy in die kerkvergadering van die Hervormde Kerk op 11 Januarie 1859 ingeneem het: Hy sou geen kerk veroordeel wat regsinnige gesange sing nie (soos hy ook bevestig het deur Gesange te laat sing in die eredienste na sy aankoms in die Kaap). Hy voeg egter by: "Wie slegs gesange sing waarvan die teks in die Bybel gevind word, is op die veiligste weg".

1.4 Die Ou Christelike Kerk het soos dit in die Nuwe Testament gereflekteer word, stellig nie net die Ou Testamentiese Psalms, laat staan nog "berymings" gesing nie.

In Ef 5:19 en Kol 3:16 word psalms (psalmos), lofsange (humnos) en ander geestelike liedere (ooidê) genoem waardeur die gelowiges onder mekaar (of: tot mekaar) moet spreek. Die kerksang is hier te sprake. J.P. Versteeg ("Oog voor elkaar", Kampen Kok, 1979:48, 49, 55-57) is van oordeel dat

- hierdie Skrifdele die samekomste van die gemeente voor die aandag roep en stellig 'n liturgiese kleur het;
- hier nie drie kategorieë liedere ter sprake is nie, maar eerder die veelheid liedere weerspieël waarmee die gemeente mekaar kan opbou;
- die woord "psalmos" nie beperk kan word tot die bekende Psalms van die Ou Testament nie, aangesien lofliedere wat spontaan in die gemeente ontstaan het (1 Kor 14:15) ook "psalmos" heet;
- "geestelike liedere" is liedere volgens die aard van die Heilige Gees, of ooreenstemmend met die Gees, en gee die maatstaf aan vir psalmoi en humnoi. Geestelike liedere kom voor waar die gemeente met die Gees vervul is (Ef 5:18), wat op sy beurt 'n wisselterm is vir die ryklike inwoning van die Woord van Christus (Kol 3:16). Die apostoliese prediking is dus ook die maatstaf vir die inhoud en strekking van die kerklied.

Die Nuwe Testament bied inderwaarheid verskeie voorbeelde van himniese gedeeltes. Van een daarvan (Fil 2:6-11) sê dr. A.F.J. Klijn (De Prediking van het Nieuwe Testament: Brief van Paulus aan de Filippenzen, Callenbach 1961:56, 60) dat Paulus hier 'n bestaande himne aanhaal en dat dit voorstelbaar is dat die lied in die erediens gesing is as oproep om te buig voor die heerskappy van Christus. Ander voorbeelde van himniese gedeeltes wat moontlik teruggaan op liedere wat deur die werking van die Heilige Gees ontstaan het en in die gemeentes gebruik is, is: Kol 1:15-20, 1 Tim 3:16, 2 Tim 2:11-13).

In die lig van bostaande is dit moeilik volhoudbaar dat alleen die Bybelse Psalms en ander "berymings" uit die Bybel in die samekomste van die gemeente geskik is.

1.5 Die ideaal om suiwer die sin en inhoud van die Skrifdeel in die beryming of omdigting weer te gee (Sinode 1994:538) is 'n baie optimistiese maar moeilik bereikbare doelwit.
Die gebruiklike Psalmberyminge bied talle voorbeelde van uitbreidings op die Bybelteks, uitweidings en vertolkings en weglatings uit die oorspronklike teks. Dis onvermydelik gesien die uiters hoë eise wat aan die (om)digter gestel word. (Vgl. T.T. Cloete: "Die nuwe omdigting van die Psalms in Afrikaans as kreatiewe werk". *In die Skriflig*, JG. 30, Nr. 1, Mrt. 1996.) Hierdie feit hoef ons nooit te pla nie, maar moet ons wel versigtig maak in ons verwagting dat "Skrifberyming" die weergawe van die suiwer sin en inhoud van 'n Skrifdeel waarborg. Die oomblik as ons aan 'n teks raak, is ons besig met vertolking.
1.6 Die eensydigheid van ons huidige kerkliedereskat kan kwalik ontken word. Die oorgrote meerderheid van die liedere wat ons sing, kom uit die Ou Testament. Dit beteken dat die vervulde heil in Christus maar skraal funksioneer in ons kerksang. Gesien die belangrike invloed wat die kerklied op ons spiritualiteit het, sal meer liedere oor die vervulde heil in Christus van besondere betekenis wees. Vir die groei van die gemeente kan ons die kerklied wat die volle heil in Christus tot inhoud het, nie ontbeer nie.

**Besluit:** Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Motivering: Die liedere wat die Here ons in sy Woord gegee het (dit sluit berymde en te beryme OT en NT liedere in) is vir gebruik in die kerke die beste en voldoende.

23.7 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE I.V.M. KERKORDE, ARTIKEL 69 (Artt.113, 177)

A. Ds. P.K. Lourens lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Liturgie II.
C. Dr. I.L. Bekker rapporteer namens die Kommissie.
**D. BESKRYWINGSPUNT**
Die Suidelike Partikuliere Sinode rig 'n versoek tot die Nasionale Sinode 1997 dat daar na die regsinnigheid van die Sionsliedere gekyk word.

**1. Motivering**
1.1 Hierdie saak kan nie volgens KO, art.30 in 'n mindere vergadering afgehandel word nie en was nog op geen meerdere vergadering ter tafel geneem nie.

1.2 Kerke met wie ons in Kerkverband is, sing wel die Sionsliedere, sonder dat dit ooit getoets is, terwyl baie klem gelê word in die Gereformeerde Kerke op die suiwere toepassing van KO, art.69.
1.3 Die taalkwessie skep 'n probleem om die Sionsliedere plaaslik te toets of af te handel.

**Besluit:** Die Sinode gee op die volgende wyse aan die Beskrywingspunt gevolg:

1. Dat die volgende woorde in die Beskrywingspunt weggelaat word: "en/of dat die Sinode hom uitspreek oor die versoenbaarheid van KO, art.69 en die Sionsliedere" (wysiging reeds gedoen - Deputate Handelinge).
2. Dat die Sinode van die GKSA hom daarvan weerhou om op eensydige wyse die gevraagde evaluering aan te pak.
3. Dat die saak kragtens KO, art.48 na die Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes verwys word om met die ander kerke daaroor in gesprek te tree en eventueel saam te werk aan die regsinnigheidstoets daarvan en aan Sinode 2000 daaroor te rapporteer..